# JAARBOEK 2014

FAKULTEIT EKONOMIESE
WETENSKAPPE
EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE
NAGRAADSE PROGRAMME

## Vaaldriehoekkampus

Rig alle korrespondensie aan:

Die Kampusregistrateur

Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)

Posbus 1174

VANDERBIJLPARK

1900

Tel: (016) 910-3290

Faks: (016) 910-3292

Internet: http://www.nwu.ac.za

**U UNIVERSITEITSNOMMER MOET IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD**

Die Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in ’n afsonderlike bundel en is op die tuisblad beskikbaar (http://www.nwu.ac.za).

**Let wel:** Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar ’n botsing by ’n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

Die Engelse weergawe van hierdie Jaarboek, is die brondokument.

**WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT:** Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na: http://www.nwu.ac.za

# INHOUDSOPGAWE


E.5 INLEIDENDE FAKULTEITSREËLS ............................. 6

E.5.1 GESAG VAN DIE A-REËLS ............................. 6

E.5.2 SKOLE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE ............................. 6

E.5.3 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS ............................. 7

E.5.4 MODULES EN KREDIETE ............................. 11

E.5.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER ............................. 11

E.5.6 REGISTRASIE ............................. 11

E.5.7 EKSAMINERING ............................. 12

E.5.7.1 HONNEURSSTUDIE ............................. 12

E.5.7.2 MAGISTERSTUDIE ............................. 13

E.5.7.3 DOKTORSTUDIE ............................. 14

E.5.7.4 PROSES VAN NAGRAADSE STUDIE ............................. 14

E.6 REËLS VIR HONNEURSGRADE ............................. 18

E.6.1 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII ............................. 18

E.6.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ............................. 18

E.6.1.2 TOELATING ............................. 18

E.6.1.3 PROGRAM: EKONOMIE ............................. 18

E.6.1.4 PROGRAM: REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE ............................. 22

E.6.1.5 PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE ............................. 25

E.6.2 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS SCIENTIAE ............................. 29

E.6.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ............................. 29

E.6.2.2 TOELATING ............................. 29

E.6.2.3 PROGRAM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE ............................. 29

E.6.3 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII (M COM) ............................. 32

E.6.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ............................. 32

E.6.3.2 TOELATING ............................. 32

E.6.3.3 PROGRAMME EN KURRIKULUMS ............................. 32

E.6.4. REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE (MSC) ............................. 38

E.6.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ............................. 38

E.6.4.2 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES ............................. 38

E.7 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD).......... 40

E.7.1 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD) .......... 40
E.7.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR .......... 40
E.7.1.2 TOELATING .......... 40

E.7.2 SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE .......... 40
E.7.2.1 Kurrikulums .......... 40
E.7.2.2 PROGRAM: BEDRYFSIELKUNDE .......... 40

E.7.3 SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE .......... 41
E.7.3.1 Kurrikulums .......... 41

E.7.4 SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE .......... 41
E.7.4.1 Kurrikulums .......... 41

E.7.5 SKOOL VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE .......... 41
E.7.5.1 Spesifieke Toelatingsvereistes .......... 41
E.7.5.2 PROGRAM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE .......... 42
E.7.5.2.1 Kurrikulumuitkomste .......... 42
E.7.5.2.2 Artikulasie na en van ander inrigtings .......... 42
E.7.5.2.3 Samestelling van die kurrikulum: (204 130 – N937V) .......... 42
E.7.5.3 PROGRAM: OPERASIONELE NAVORSING .......... 42

E.8 MODULE-UITKOMSTE VAN NAGRAADSE MODULES.......... 44

**FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE**

**Uitvoerende Dekaan: Prof HJ van der Merwe**

**Direkteur: Navorsing Ontwikkeling: Prof J Surujal**

**SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE**

**Direkteur: Prof HH Janse van Vuuren**

**Bedryfsrekeningkunde**
Vakvoorsitter: Mnr F Cronje

**Belasting**
Vakvoorsitter: Prof M Delport

**Handelsreg**
Vakvoorsitter: Me V Pelser-Carstens

**Ouditkunde**
Vakvoorsitter: Mnr A Swart

**Rekeningkunde GR**
Vakvoorsitter: Me A Mostert

**Rekeningkunde Non GR**
Vakvoorsitter: Me B van der Niet

**SAIPA HONNEURS**
Vakvoorsitter: Me E Lubbe

**SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE**

**Direkteur: Prof WCJ Grobler**

**Bemarking en Sportwetenskap**
Vakvoorsitter : Dr WP Viljoen

**Ekonomie**
Vakvoorsitter: Dr B Sekatane

**Ondernemingsbestuur**
Vakvoorsitter: Me T Mosabala

**Risikobestuur**
Vakvoorsitter: Dr D Viljoen

**SKOOL VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE**

**Direkteur: Prof PD Pretorius**

**Inligtingstegnologie**
Vakvoorsitter: Me I Smit

**Statistiek en Operasionele Navorsing**
Vakvoorsitter: Me C Scrimnger-Christian

**Wiskunde en Bedryfswiskunde en Informatika**
Vakvoorsitter: Me D Gerber

| **FAKULTEITSRAAD**<br><br>**EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE** |
| --- |
| Van der Merwe, HJ (Voorsitter) |
| Barnard, E |
| Bevan-Dye, A |
| Surujlal, J |
| Delport, M |
| De Klerk, N |
| Gilliland, S |
| Grobler ,WCJ |
| Janse van Vuuren, HH |
| Jordaan, DB |
| Lucouw, P |
| May, C |
| Pretorius, PD |
| Vermeulen, CW |
| Mamorare, L |
| VSR Akademies |
| Mbijekana, W (Skriba) |

## E.5 INLEIDENDE FAKULTEITSREËLS

### E.5.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die Fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad http://www.nwu.ac.za.

### KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

### E.5.2 SKOLE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie bestaan uit drie skole wat saamgestel is uit 'n aantal vakgroepe. Aan die hoof van elke skool staan 'n direkteur. Die skole is veral verantwoordelik vir die onderrig van voorgraadse en nagraadse kurrikulums.

Die onderskeie skole en vakgroepe is die volgende:

| Skool | Vak Groep |
|---|---|
| Skool vir Ekonomiese Wetenskappe | Bemarkingsbestuur<br>Ekonomie<br>Ondernemingsbestuur<br>Regte<br>Risikobestuur<br>Sportwetenskappe |
| Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe | Belasting<br>Bestuursrekeningkunde<br>Handelsreg<br>Ouditkunde<br>Rekeningkunde |
| Skool vir Inligtingstegnologie | Bedryfswiskunde en Informatika<br>Inligtingstegnologie<br>Statistiek en Operasionele Navorsing<br>Wiskunde |

In die Fakulteit word navorsing en verbandhoudende nagraadse opleiding gekoördineerd ingeskakel by die goedgekeurde navorsingfokusareas van die Universiteit.

## E.5.3 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

a) In die Fakulteit Vaaldriehoek kan verskillende nagraadse kwalifikasies verwerf word. ’n Kwalifikasie, byvoorbeeld “Hons B.A.”, word in een of meer programme aangebied, byvoorbeeld “Geesteswetenskappe”, en in elke program is een of meer kurrikulum(s), byvoorbeeld “Geskiedenis” wat in ’n bepaalde formaat gestruktureer word. Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums op **nagraadse** vlak word in hierdie jaarboek uiteengesit. Waar van toepassing word verwys na toepaslike fokusareas waarbinne nagraadse opleiding en navorsing plaasvind.

b) ’n Voornemende student moet eers besluit watter kwalifikasie sy/hy wil verwerf, waarna die betrokke program en kurrikulum gekies word. Die student wat voldoen aan die betrokke toelatingsvereistes registreer dan vir ’n bepaalde kurrikulum by die aanvang van sy/haar studie. Elke kurrikulum het ’n kurrikulumkode wat uit 5 karakters bestaan, byvoorbeeld L621V. Indien ’n student na die aanvang van sy/haar studie die kurrikulumkeuse wil wysig, word sodanige versoek via die Direkteur Administrasie aan die betrokke skooldirekteur gerig. Slegs met skriftelike toestemming van die skooldirekteur kan studente die kurrikulumkeuse wysig.

c) Die formate van die kurrikulums in die programme hieronder uiteengesit, word saamgestel uit modules met ’n totale kredietwaarde van **minstens** 128 vir ’n nagraadse kwalifikasie waarvan die minimum duur een jaar is. In die geval van nagraadse kwalifikasies met ’n langer minimum duur kan die kredietwaardes dienooreenkomstig verskil.

d) Die Universiteit is bevoeg om die volgende nagraadse kwalifikasies in die Fakulteit Vaaldriehoek toe te ken:

| FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Metode van Aflewering** | **Kwalifikasieprogramkode** | **Kurrikulum** | **Kurrikulumkode** | **HOKR vlak** |
| **Honneurs Baccalaureus Scientiae (Hons BSc)** | | | | |
| Voltyds en Deeltyds | 202125 | Inligtingstegnologie | N637V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 202134 | Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels | N653V | 8 |
| **Magister Scientiae (MSc in Rekenaarwetenskap)** | | | | |
| Voltyds en deeltyds | 203180 | Operasionele Navorsing | N801V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 203180 | Rekenaarwetenskap | N802V | 9 |
| **Philosophiae Doctor (PhD)** | | | | |
| Voltyds en deeltyds | 204131 | Operasionele Navorsing | N901V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 204130 | Inligtingstegnologie | N937V | 10 |
| **Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons BCom)** | | | | |
| Voltyds | 504126 | Ekonomie | E644V | 8 |
| Voltyds | 504128 | Risikobestuur | E646V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504130 | Entrepreneurskap en Bemarking | E654V | 8 |
| Voltyds | 504123 | Geoktrooieerde Rekenmeesterskap | E630V | 8 |
| Voltyds | 504124 | Finansiële Rekenmeesterskap | E631V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504112 | Bedryfsielkunde | E660V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504121 | Mensehulpbronbestuur | E662V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504122 | Arbeidsverhoudinge Bestuur | E664V | 8 |

| Metode van Aflewering | Kwalifika-sieprogramkode | Kurrikulum | Kurrikulum-kode | HOKR vlak |
|---|---|---|---|---|
| **Magister Commercii (MCom)** | | | | |
| **Word nie in 2013 aangebied** | 505132 | Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting (verhandeling) | E834V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505120 | Ekonomie | E803V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505122 | Risikobestuur | E805V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505124 | Entrepreneurskap | E814V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505125 | Bemarkingsbestuur | E815V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505128 | Mensehulpbronbestuur wetenskap | E852V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505121 | Internasionale Handel | E804V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505134 | Ondernemingsbestuur | E816V | 9 |
| **Word nie in 2014 aangebied** | 505137 | Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (gedoseer) | E830V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505129 | Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (verhandeling) | E841V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505130 | Rekeningkunde (verhandeling) | E842V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505126 | Bedryfsielkunde (verhandeling) | E820V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505126 | Bedryfsielkunde (skripsie) | E821V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505145 | Arbeidsverhoudinge bestuur (verhandeling) | E826V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505122 | Risikobestuur | E805V | 9 |

| Metode van Aflewering | Kwalifikasieprogramkode | Kurrikulum | Kurrikulum kode | HOKR vlak |
|---|---|---|---|---|
| **Philosophiae Doctor (PhD)** | | | | |
| **Word nie in 2013 aangebied** | 506132 | Belasting | E934V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506121 | Internasionale Handel | E901V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506122 | Risikobestuur | E902V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506120 | Ekonomie | E903V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506108 | Ondernemingsbestuur | E916V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506125 | Bemarkingsbestuur | E914V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506124 | Entrepreneurskap | E915V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506108 | Ondernemingsbestuur | E916V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506134 | Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde | E931V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506130 | Rekenmeesterskap | E936V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506127 | Bedryfsielkunde | E920V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506136 | Arbeidsverhoudinge bestuur | E923V | 10 |

## E.5.4 MODULES EN KREDIETE

a) ’n Nagraadse kwalifikasie word verwerf nadat die betrokke module(s) binne ’n gekose kurrikulum afsonderlik geslaag is. Die modules het elkeen ’n kredietwaarde van 8 of veelvoude van 8.

b) Elke module het ’n modulekode en ’n beskrywende naam. Die modulekode bestaan uit ’n vierletter-vakafkorting, gevolg deur 3 syfers, byvoorbeeld: BYBL671. Die eerste twee syfers na die vakafkorting dui onderskeidelik die (jaar)vlak en semester(s) van aanbieding aan. Die derde syfer onderskei tussen modules waarvan die eerste ses karakters dieselfde is.

## E.5.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER

a) Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsels onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit ’n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigkurrikulums by hierdie of ’n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, ’n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne ’n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

b) By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat ’n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrig-kurrikulums te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye is die vraag watter vlak van vaardigheid beoordeel in die konteks van die uittreevlak-vaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, nodig is. Dit gaan dus nie bloot om die ervaring wat ’n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek demonstreer, met inagneming van die uittree-uitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

c) Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toekenning van krediete aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of ’n ander instelling – op ’n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

d) Vir die hantering van ’n aansoek om erkenning van vorige leer is daar ’n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

## E.5.6 REGISTRASIE

a) Registrasie vir nagraadse kwalifikasies geskied ingevolge die volgende algemene regulasies: Akademiese Reël 3.3 met betrekking tot honneursgrade, Akademiese Reël 4.3 met betrekking tot magistergrade; Akademiese Reël 5.3 met betrekking tot doktorsgrade en Akademiese Reël 2.3 met betrekking tot diplomas.

b) Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat ’n student deurloop het om as student van die Universiteit ingeskryf te word.

c) ’n Toegelate student registreer jaarliks vir die duur van die studie vir ’n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring word.

d) Die registrasievorm word deur die student by die registrasieafdeling ingedien, waarop ’n bewys van registrasie uitgereik word.

## E.5.7 EKSAMINERING

Die Akademiese Reëls ten opsigte van eksaminering is vervat in Reël 3.4 vir die Honneursgraad, Reël 4.4 vir die Meestersgraad en Reël 5.4 vir die Doktorsgraad.

### E.5.7.1 HONNEURSSTUDIE

#### E.5.7.1.1 Deelnamepunt

’n Deelnamepunt word opgebou uit werkstukke en ander vorme van evaluering, soos in die betrokke studiegids uiteengesit.

#### E.5.7.1.2 Toelating tot die eksamen

a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van ’n deelnamebewys.

b) ’n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat ’n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor soos in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

#### E.5.7.1.3 Modulepunt

Die modulepunt word bereken as ’n verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos in die studiegids aangedui is.

#### E.5.7.1.4 Slaagvereistes van ’n module en kurrikulum

a) ’n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is, te slaag.

b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40%.

c) Die slaagvereiste vir ’n module waarin eksamen(s) geskryf is, is 50%.

d) ’n Module word met onderskeiding geslaag indien ’n modulepunt van minstens 75% behaal is.

e) ’n Student wat in die kernmodules van ’n kurrikulum ’n modulepunt van minstens 75% behaal, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

#### E.5.7.1.5 Herhaling van modules

’n Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Akademiese Reël 2.4.5 en 3.4.4.

### E.5.7.2 MAGISTERSTUDIE

#### E.5.7.2.1 Benoeming van eksaminatore

a) Vir elke vraestel van 'n module wat op magistervlak binne 'n skool aangebied word, benoem die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur minstens een interne eksaminator en een moderator wat intern of ekstern kan wees.

b) Vir die eksaminering van 'n skripsie/verhandeling word vir elke student minstens twee eksaminatore, waarvan minstens een ekstern moet wees, deur die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur benoem..

#### E.5.7.2.2 Toelating tot die eksamen

Toelating tot enige eksamen word net toegestaan aan 'n student wat tot bevrediging van die skooldirekteur bewys gelewer het dat daar aan die vereistes van die betrokke kurrikulum en/of module voldoen is.

#### E.5.7.2.3 Eksamen

Die eksamen vir die magistergraad bestaan uit:

a) slegs 'n verhandeling, óf

b) een of meer vraestelle en 'n skripsie in die betrokke gebied.

c) In die geval waar vraestelle deel vorm van die kurrikulum moet die vraestelle gedurende die eerste studiejaar afgehandel word.

#### E.5.7.2.4 Vereistes ten opsigte van die skripsie/verhandeling

Benewens die volgende vereistes waaraan voldoen moet word, mag 'n skripsie of verhandeling alleen ingedien word met toestemming van die studieleier:

a) 'n Verhandeling/skripsie moet bewys lewer dat die student met die metode van navorsing vertroud is.

b) 'n Verhandeling/skripsie moet ten opsigte van die tegniese- en prosedure vereistes voldoen aan die vereistes wat die Fakulteitsraad daarvoor stel (vgl. *Handleiding vir Nagraadse Studie)*.

#### E.5.7.2.5 Deelnamepunt

'n Deelnamepunt kan opgebou word uit werkstukke en ander vorme van evaluering.

#### E.5.7.2.6 Modulepunt

Die modulepunt word bereken as 'n verhouding tussen die deelnamepunt, waar van toepassing, en die eksamenpunt soos in die studiegids aangedui is.

#### E.5.7.2.7 Slaagvereistes

a) 'n Module word geslaag as die student 'n modulepunt van minstens 50% in die evaluering behaal het.

b) 'n Module, skripsie of verhandeling word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is.

c) ’n Student wat in die kernmodules van ’n kurrikulum ’n modulepunt van minstens 75% behaal, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

**E.5.7.2.8 Herhaling van modules**

a) ’n Verhandeling of skripsie kan slegs een keer na die kandidaat terugverwys en ná herbewerking weer ingedien word.

b) ’n Student mag binne die maksimum studietydperk van drie jaar, eenmalig vraestelle wat nie 25% van die vraestelle van die betrokke kurrikulum oorskry nie, herhaal.

**E.5.7.3 DOKTORSTUDIE**

Vir die eksaminering van ’n proefskrif word vir elke student minstens drie eksaminatore (Akademiese Reëls 5.4.3 en 5.4.3.1), waarvan minstens twee ekstern moet wees, deur die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur benoem.

**E.5.7.3.1 Eksamen**

a) Die eksamen vir ’n doktorsgraad bestaan uit minstens ’n proefskrif wat die resultate van die kandidaat se navorsing bevat.

b) ’n Proefskrif mag alleen ingedien word met toestemming van die promotor.

c) ’n Proefskrif moet ’n besliste wetenskaplike bydrae tot die kennis van en insig in die vak asook bewys van oorspronklikheid lewer, hetsy deur die vind van nuwe feite, hetsy deur die beoefening van ’n onafhanklike kritiese vermoë.

d) Die Fakulteitsraad kan bykomende vereistes in die vorm van óf ’n skriftelike eksamen en/óf ’n mondelinge eksamen stel vir die verwewing van ’n doktorsgraad.

**E.5.7.3.2 Herhaling van modules**

’n Proefskrif kan slegs een keer na die kandidaat terugverwys en ná herbewerking weer ingedien word.

**E.5.7.4 PROSES VAN NAGRAADSE STUDIE**

In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie bestaan die proses vir nagraadse studie uit die volgende stappe:

a) Die student meld, met ’n voorgestelde onderwerp, by die skooldirekteur aan vir toestemming om aansoek te doen vir nagraadse studie. (*Die skooldirekteur stel vas of die student aan die vereistes voldoen; daar bestaan toesighoudende kapasiteit in die skool om te verseker dat die onderwerp in ooreenstemming is met die navorsingsfokus van die skool.*)

b) Die student mag aansoek doen vir voorwaardelike toelating by studente-administrasie. (*Die student mag net volledig registreer wanneer ’n konsep navorsingsvoorstel goedgekeur is deur die skooldirekteur en studieleier – behalwe in die geval van voltydse nagraadse studente wat van hierdie vereiste vrygeskeld word. Ongeregistreerde studente mag by die biblioteek aansoek doen vir databasis toegang teen ’n fooi van R350.*)

c) Na registrasie, werk die studieleier saam met die student aan die finale navorsingsvoorstel. (*Die fakulteit se navorsingsvoorstel-templaat mag gebruik word om die finale voorstel op te stel. Die voorstel moet volledig voltooi wees binne ses maande van registrasie deur die student.*)

d) Sodra die voorstel voltooi is, dien die studieleier dit in by die kantoor van die Direkteur: Navorsingsontwikkeling vir bespreking deur die fakulteit se navorsings-subkomitee. (*Voorstelle moet ingedien wees ten minste 10 werksdae voordat die fakulteit se navorsings-subkomitee vergader.*)

e) Die fakulteit se navorsings-subkomitee vergader en gee raad oor etiese opheldering, tegniese riglyne, ens. (*Die studieleier moet teenwoordig wees as die fakulteit se navorsings-subkomitee vergader en moet die nodige terugvoer aan die student verskaf. Voorgestelde veranderings (indien enige) aan die voorstel sal ook genotuleer word.*)

f) Die student maak veranderings (indien enige) en die studieleier/skooldirekteur dien die finale voorstel by die Fakulteitsraad in vir goedkeuring/titelregistrasie en die benoeming van eksaminatore. (*Indiening moet plaasvind ten minste 7 werksdae voordat die Fakulteitsraad vergader.*)

g) Die student gaan voort met die studie. (*Elke hoofstuk moet deur die studieleier op Turnitin ingedien word. Die studieleier en student teken 'n kontrak oor verwagtings en tydskale.*)

h) Finale indiening van die proefskrif. Studente-administrasie moet ingelig word oor die voorneme van indiening in ooreenstemming met NWU-sluitingsdatums. (*Turnitin-verslag moet aangeheg word. Studente-administrasie stuur die proefskrif weg vir eksaminering.*)

i) Eksaminatorsverslae word deur die Fakulteitsraad goedgekeur/kennis van geneem. (*Eksaminatorsverslae moet ingedien wees ten minste twee weke voordat die Fakulteitsraad vergader. Die student moet ingelig word oor voorgestelde veranderings en moet hierdie veranderings aanbring tot tevredenheid van die Fakulteitsraad.*)

j) Die Fakulteitsraad keur veranderings deur die student aangebring volgens die studieleier se verslag, goed. (*Die studieleier se verslag moet ten minste 1 week voordat die Fakulteitsraad vergader, ingedien wees. 'n Uittreksel van die notule van die Fakulteitsraad word na die Senaat gestuur. (Die student se punte word nie ingesluit in die uittreksel van die Fakulteitsraad se notule nie.*))

**Riglyne vir die indiening van 'n doktorsgraad in artikelformaat**

Die artikelmodel vir doktorsgrade word by die Universiteit geïmplementeer (Akademiese Reël 4.4.1.4). Die besluit of van 'n student verwag word om sy/haar navorsingswerk vir sy/haar doktorsgraad in die vorm van artikels (in plaas van die normale proefskrif) in te dien, moet in samewerking met die student se studieleier geneem word.

Studies wat die beste geskik is vir die artikel-opsie kan wees:

- 'n Studie wat meer as een fokuspunt / substansiële navorsingsvraag behels. Die vrae is verwant, maar elkeen kan "op eie bene staan" en het 'n eie navorsingsverslag.

- ’n Studie wat gemengde metodes behels (bv. kwalitatief en kwantitatief) en waarvoor die navorser nie bevindings wil byeenbring nie (d.w.s. afsonderlik wil verslag doen oor bevindings vir elke benadering/metode).
- ’n Studie wat meer as een eksperiment behels.

Of die artikel-opsie gevolg word of nie, sal ook afhang van die tipe navorsingsprojek wat aangepak word en die besluit is gewoonlik gekoppel aan navorsingsvrae. Die artikel-opsie bestaan tipies uit:

- Hoofstuk 1 - Inleiding. (Stem ooreen met die normale navorsingsvoorstel.)
- Hoofstuk 2 - Artikel 1.
- Hoofstuk 3 - Artikel 2.
- Hoofstuk 4 - Artikel 3.
- Hoofstuk 5 - Artikel 4.
- Hoofstuk 6 - Gevolgtrekkings, beperkings, aanbevelings.
- Verwysings.
- Aanhangsels.

Die vereiste in die Fakulteit sal vier (4) artikels vir ’n doktorsgraad wees. Hierdie artikels moet ingedien word en minstens een *aanvaar* word vir publikasie (nie noodwendig klaar gepubliseer wees nie) ten einde die student volgens hierdie opsie te laat gradueer.

Die indiening en aanvaarding van die artikel vervang nie die tradisionele eksaminering van die proefskrif nie. Die volledige manuskrip in artikelvorm sal ingedien word vir eksaminering, soos bepaal deur die Akademiese Reëls 4.4.

**Die algemene riglyne vir die indiening van ’n proefskrif in artikelformaat by die Universiteit is soos volg:**

- Titelbladsy, soos voorgeskryf word in die handleiding vir nagraadse studies.
- Erkenning.
- Inhoudsopgawe.
- Opsomming met 5-10 sleutelwoorde.
- Voorwoord bestaande uit die volgende:
  - ’n Verklaring dat die artikelformaat gekies is.
  - Die student se aandeel in die navorsing in die geval van mede-outeurs vir die artikel(s)/manuskrip(te).
  - ’n Aanduiding van of die tydskrif van indiening vir publikasie van die artikel(s)/manuskrip(te) dit nog nie gepubliseer het nie.
  - Toestemming van mede-outeurs dat die artikel(s)/manuskrip(te) ingedien mag word vir graaddoeleindes.
  - Toestemming van die redakteur van die tegniese tydskrif, indien enige kopiereg betrokke is.

- Indien meer as een artikel/manuskrip gebruik word moet die proefskrif aangebied word in ’n wetenskaplike eenheidsformaat (Akademiese Reël 4.4.2.9).
- Afhangende van die betrokke studieveld, kan die studieleier/promotor ook ander items soos ’n literatuuroorsig, vereis. Elke artikel moet voorafgegaan word met ’n kopie van die riglyne van die tydskrif vir skrywers van artikels vir die betrokke tydskrif.

# E.6 REËLS VIR HONNEURSGRADE

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël E.5.3 (d) beskryf word en kan voltyds of deeltyds geneem word.

## E.6.1 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël E.5.3 (d) beskryf word en kan voltyds of deeltyds geneem word.

### E.6.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een jaar** vir voltydse en **twee jaar** vir deeltydse studente. Die maksimum duur is **twee jaar** vir voltydse en **drie jaar** vir deeltydse studente.

### E.6.1.2 TOELATING

a) ’n Student moet reeds in besit wees van ’n toepaslike baccalaureusgraad, of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Senaat goedgekeur.

b) Daar moet voldoen word aan al die hoofvakvereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.Com.-studie. ’n Gemiddelde punt van minstens 60% in die finale jaar word in die betrokke hoofvak vereis.

c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die student in hierdie hoofvak(ke) moet vir elke ingeslote kursuseenheid tot bevrediging van die betrokke direkteur wees.

d) B.Com.-status word slegs verleen indien die volgende kursusse geslaag is of vrystelling op grond van spesifieke opdragte vir kursusse deur die direkteur verleen is: ECON111, ECON121; BMAN111, BMAN121; ACCC111, ACCC121.

e) In aansluiting by (d) hierbo, kan ’n direkteur ook vereis dat ’n student toepaslike modules in die volgende programme geslaag het, alvorens B.Com.-status aan die betrokke student verleen word: menswetenskappe, wiskunde, statistiek, rekenaarstudies.

### E.6.1.3 PROGRAM: EKONOMIE

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, bemagtig studente met hoëvlakkennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid, sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die student in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit meer gespesialiseerd te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te verstaan, asook om krities en innoverend te dink.

#### E.6.1.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

a) As algemene riglyn geld dat ’n minimum van 60% per kursuseenheid of soos deur die betrokke skool vereis, in die volgende semesterkursusse behaal moes gewees het: EKNP211, EKNP221, EKIP211; EKIP221, EKNP311 en EKNP321.

b) Vir Risikobestuur (kurrikulum E646V) word EKRP311 en EKRP321 (minimum 60%) ook addisioneel vereis tot modules wat in V.7.3.2 genoem is.

**E.6.1.3.2 KURRIKULUM: EKONOMIE (504 126 - E644V)**

**E.6.1.3.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student:

a) ’n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;

b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op ’n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;

c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings;

d) sensitief te wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.

**E.6.1.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8- / HOKR vlak 9 kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die student se gekose spesialisdissipline.

**E.6.1.3.2.3 Ander reëls (Vergelyk samestelling van kurrikulum onder V.7.3.3.2.4)**

Studente registreer vir al agt modules (16 krediete elk) wat suksesvol afgehandel moet word.

#### E.6.1.3.2.4 Samestelling van die kurrikulum (504 126 – E644V)

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| ECON 611 | Mikro-Ekonomie | 16 |
| ECON 612 | Makro-Ekonomie | 16 |
| ECON 614 | Ekonomiese Ontwikkeling | 16 |
| ECON 618 | Ontwikkelingsekonomiese Navorsingsmetodes | 16 |
| | **Tweede semester** | |
| ECON 621 | Internasionale Handel | 16 |
| ECON 622 | Monetêre en Fiskale Beleid | 16 |
| ECON 624 | Ekonomiese Modellering | 16 |
| ECON 627 | Navorsingsprojek | 16 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

### E.6.1.3.3 KURRIKULUM: RISIKOBESTUUR (504 128 – E646V)

#### E.6.1.3.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student:

a) ’n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;

b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op ’n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;

c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings;

d) sensitief te wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.

#### E.6.1.3.3.2 Artikulasie en uittreepunt

Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs BCom-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8- / HOKR vlak 9 kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die student se gekose spesialisdissipline.

#### E.6.1.3.3.3 Ander reëls

Studente registreer vir al agt modules (16 krediete elk) wat suksesvol afgehandel moet word.

### E.6.1.3.3.4 Samestelling van die kurrikulum (504 128 – E646V)

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| ECON611 | Mikro-Ekonomie | 16 |
| ECON 612 | Makro-Ekonomie | 16 |
| ECON 615 | Afgeleide instrumente | 16 |
| ECON 617 | Ekonometrie | 16 |
| | **Tweede semester** | |
| ECON 621 | Internasionale Handel | 16 |
| ECON 622 | Monetêre en Fiskale Beleid | 16 |
| ECON 623 | Risikobestuur | 16 |
| ECON 627 | Navorsingsprojek | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **128** |
| **Prerequisite:** 60% for each of the following modules: EKRP211, EKRP221, EKRP311, EKRP321, ECON211, ECON321 or 60% for each of the following modules: EKRP311, BWIA221, BWIA271, ECON211, STTK321 | | |

## E.6.1.3.4 PROGRAM: ENTREPRENEURSKAP EN BEMARKING

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, bemagtig studente met hoëvlakkennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die student in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te verstaan, om krities en innoverend te dink en om ’n grondslag te lê vir verder spesialisasie by wyse van gevorderde kwalifikasies.

### E.6.1.3.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

As algemene riglyn geld dat ’n minimum van 60% per kursuseenheid of soos deur die betrokke skool vereis, in die volgende semesterkursusse behaal moes gewees het: BMAN121, BMAN211, BMAN221, BMAN311 and BMAN321.

### E.6.1.3.4.2 KURRIKULUM: ENTREPRENEURSKAP EN BEMARKING (504 130 – E654V)

### E.6.1.3.4.3 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student:

a) ’n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewing te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;

b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op ’n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;

c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings.

**E.6.1.3.4.4 Artikulasie en uittreepunt**

Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8- / HOKR vlak 9 kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die student se gekose spesialisdissipline.

**E.6.1.3.4.5 Ander reëls**

’n Student moet al sewe modules neem.

**E.6.1.3.4.6 Samestelling van die kurrikulum (504 130 – E654V)**

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| BMAN 611 | Geïntegreerde bestuurstoepassing | 16 |
| BMAN 612 | Gevorderde entrepreneurskap | 16 |
| BMAR 611 | Kleinhandelsbestuur | 16 |
| BMAR 671 | Bemarkingsnavorsing | 16 |
| | **Tweede semester** | |
| BMAN 621 of<br>BMAR 621 | Ondernemingsplan of<br>Bemarkingsplan | 16 |
| BMAN 622 of<br>BMAR 622 | Finansiële Bestuur of<br>Internasionale Bemarking | 16 |
| BMAR 623 | Verkoopsbestuur | 16 |
| BMAR 671 | Bemarkingsnavorsing | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

## E.6.1.4 PROGRAM: REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, bemagtig studente met hoëvlakkennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die student in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese- en besigheidsomgewing te verstaan om krities en innoverend te dink en om ’n grondslag te lê vir verdere spesialisasie by wyse van gevorderde kwalifikasies.

## E.6.1.4.1 KURRIKULUM: GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP (504 123 – E630V)

### E.6.1.4.1.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student:

a) 'n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese- en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;

b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;

c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings.

### E.6.1.4.1.2 Artikulasie en uittreepunt

Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8- / HOKR vlak9 kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die student se gekose spesialisdissipline.

### E.6.1.4.1.3 Ander reëls

a) Om tot die kurrikulum Geoktrooieerde Rekenmeesterskap toegelaat te word moet die student in besit wees van 'n B.Com-, B.Rek- of 'n ander graad soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur, met die volgende modules (of kursusse gelykwaardig hieraan), naamlik Rekeningkunde (ACCC371); Ouditkunde (AUDT371); Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (MACC311 en FINM321); Inkomstebelasting (TAXC371); en Handelsreg (MLAW211 of MLAW311).

b) Om tot die kurrikulum Geoktrooieerde Rekenmeesterskap toegelaat te word, moet die student 'n gemiddeld van minstens 60% in Rekeningkunde, en 'n gemiddeld van 55% in Ouditkunde, Bestuursrekeningkunde en Belasting in sy finale jaar behaal het.

c) 'n Student wat 'n ander graad as 'n BCom (CA) of ekwivalent behaal het, moet eers 'n honneurs BCom (Finansiële Rekeningkunde) graad verkry, voordat toelating tot Honours BCom (CA) verkry word. Gedurende die honneursjaar moet die Ouditkunde modules op derdejaarsvlak geneem en addisioneel geslaag word om in ag geneem te word tot die honneurs B Com (CA).

d) Hierdie kurrikulum word slegs in Engels aangebied.

Om tot die kurrikulum Geoktrooieerde Rekenmeesterskap toegelaat te word moet die student voor die aanvang van die akademiese jaar by die Direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.

E.6.1.4.1.4 **Samestelling van die kurrikulum (504 123 – E360V)**

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| RECP671 | Finansiële Rekeningkunde | 48 |
| RECP672 | Gevorderde Ouditkunde | 48 |
| RECP673 | Gevorderde Inkomstebelasting | 48 |
| RECP674 | Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur | 48 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **192** |

## E.6.1.4.2 KURRIKULUM: FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP (504 124 – E631V)

### E.6.1.4.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student:

a) ŉ diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese- en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;

b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op ŉ kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;

c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings.

### E.6.1.4.2.2 Ander reëls

a) Om tot die Hons BCom (Finansiële Rekenmeesterskap) kurrikulum toegelaat te word, moet die student in besit wees van ŉ BCom- of ander graad, soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur, met die volgende modules (of kursusse gelykwaardig hieraan), naamlik Finansiële Rekeningkunde (ACCC311, 321 of ACCC371; Inkomstebelasting (TAXF311, 321 of TAXC371); Bestuursrekeningkunde (MACC311 en FINM321); Interne Ouditkunde (IAUD211, 221, 321 of AUDT211, 221) en Handelsreg (MLAW121, 211/311).

b) Vir ACCF311, 321 en TAXF311, 321 of ekwivalente kursusse word ‘n gemiddelde modulepunt van 60% vereis (of 50% vir ACCC371 en TAXC371) en vir MACC311 en FINM321’n gemiddeld van 55%.

c) Om tot die kurrikulum Finansiële Rekenmeesterskap toegelaat te word moet die student voor die aanvang van die akademiese jaar by die Direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.

d) Suksesvolle afhandeling van hierdie Hons BCom (Finansiële Rekenmeesterskap)-graad kan aan ŉ student wat aan die vereiste 60% minimum gemiddelde slaagpersentasies voldoen, toelating tot die Hons BCom (Geoktrooieerde Rekenmeesterskap)-graad verleen. In sodanige

geval, moet die student reeds krediet verwerf het vir Ouditkunde (AUDT371) en Handelsreg (MLAW211/311).

**E.6.1.4.2.3 Samestelling van die kurrikulum (504 124 – E631V)**

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| REKP671 | Rekeningkunde Gevorderde GAAP en Groepstate | 32 |
| REIP671 | Belasting: Gevorderde Belasting en Trusts | 32 |
| REKP674 | Oudit en Korporatiewe Beheer | 32 |
| REKP 675 | Finansiële Bestuur en Strategie | 32 |
| REKP 676 | Toegepaste Navorsing in Finansiële Rekenmeesterskap | 32 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **160** |

## E.6.1.5 PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, gee gespesialiseerde opleiding in die Gedragswetenskappe. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoeftes van ons land. Hierdie kurrikulums berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in bepaalde spesialisrigtings.

Kyk onder die hoof “Ander reëls” by die betrokke kurrikulum.

### E.6.1.5.1 KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDE (504 112 – E660V)

#### E.6.1.5.1.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur psigologiese verskynsels in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

#### E.6.1.5.1.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Commercii. Daar is geen vroeër uittreepunte nie.

#### E.6.1.5.1.3 Ander reëls

a) Die student moet in besit wees van ŉ B.Com.-graad of B.Com.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome B.Com. Hons.-studie.

b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.

c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die student in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.

#### E.6.1.5.1.4 Samestelling van die kurrikulum (504 112 – E660V)

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| IOPS611 | Psigometrika | 8 |
| IOPS612 | Psigologiese evaluering en Forensiese Psigologie | 8 |
| IOPS613 | Organisasiegedrag | 8 |
| IOPS614 | Navorsingsmetodologie | 8 |
| IOPS615 | Loopbaansielkunde | 8 |
| IOPS616 | Werknemerswelstand | 16 |
| IOPS617 | Organisasie ontwikkeling | 8 |
| IOPS618 | Outentieke Hulpverlening | 8 |
| | **Tweede semester** | |
| HRMA622 | Menslikekapasiteitsontwikkeling | 8 |
| IOPS622 | Navorsingsverslag | 16 |
| HRMA623 | Menslikehulpbronbestuur-strategieë | 16 |
| IOPS624 | Gevorderde praktiese werk | 48 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **160** |

### E.6.1.5.2 KURRIKULUM: MENSEHULPBRONBESTUUR (504 121 – E662V)

#### E.6.1.5.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om gevorderde funksies en vaardighede toe te pas waardeur sosiologiese sowel as psigologiese verskynsels in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

#### E.6.1.5.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Commercii. Daar is geen vroeër uittreepunte nie.

#### E.6.1.5.2.3 Ander reëls

a) Die student moet in besit wees van 'n B.Com.-graad of B.Com.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome B.Com. Hons.-studie.

b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.

c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die student in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.

**E.6.1.5.2.4 Samestelling van die kurrikulum (504 121 – E662V)**

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| IOPS613 | Organisasiegedrag | 8 |
| IOPS614 | Navorsingsmetodologie | 8 |
| IOPS615 | Loopbaansielkunde | 8 |
| IOPS616 | Werknemerswelstand | 16 |
| IOPS617 | Organisasie-ontwikkeling | 8 |
| IOPS618 | Authentic Helping | 8 |
| HRMA612 | Psigologiese Evaluering, Werwing, Keuring en Plasing | 8 |
| LARM611 | Bedryfsosiologiese teorieë | 8 |
| | **Tweede semester** | |
| IOPS622 | Navorsingsverslag | 16 |
| HRMA621 | Praktiese werk | 16 |
| HRMA622 | Menslikekapasiteitsontwikkeling | 8 |
| HRMA623 | Menslikehulpbronbestuur-strategieë | 16 |
| LARM623 | Toegepaste arbeidsverhoudinge | 16 |
| LARM624 | Kollektiewe bedinging en onderhandeling | 16 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **160** |

**E.6.1.5.3 KURRIKULUM: ARBEIDSVERHOUDINGSBESTUUR (504 122 – E664V)**

**E.6.1.5.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om gevorderde funksies en vaardighede toe te pas waardeur sosiologiese verskynsels in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

**E.6.1.5.3.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Commercii. Daar is geen vroeër uittreepunte nie.

**E.6.1.5.3.3 Ander reëls**

a) Die student moet in besit wees van 'n B.Com.-graad of B.Com.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome B.Com. Hons.-studie.

b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.

c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die student in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.

**E.6.1.5.3.4 Samestelling van die kurrikulum: (504 122 – E664V)**

| Module kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| IOPS 613 | Organisasiegedrag | 8 |
| LARM 614 | Navorsingsmetodologie | 8 |
| LARM 615 | Gevorderde arbeidsverhoudinge | 16 |
| LARM 616 | Arbeidsmarkbeginsels | 16 |
| LARM 611 | Bedryfsosiologiese teorieë en sosiale verandering | 8 |
| IOPS 616 | Werknemerwelstand | 16 |
| IOPS 617 | Organisasie-ontwikkeling | 8 |
| | **Tweede semester** | |
| HRMA 622 | Menslikekapasiteitsontwikkeling | 8 |
| LARM 621 | Groepsdinamika | 16 |
| LARM 622 | Navorsingsverslag | 16 |
| LARM 623 | Toegepaste arbeidsverhoudinge | 16 |
| HRMA 623 | Menslikehulpbronbestuur-strategieë | 16 |
| LARM 624 | Kollektiewe bedinging en onderhandeling | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **168** |

## MODULE VERANDERINGE ARBEIDSVERHOUDINGE BESTUUR

| Ou Module | Krediete | Beeindig | Nuwe Module | Krediete | Begin |
|---|---|---|---|---|---|
| BSKP613 | 8 | Des 2011 | IOPS613 | 8 | Jan 2012 |
| BSOP614 | 8 | Des 2011 | LARM614 | 8 | Jan 2012 |
| BSOP615 | 32 | Des 2011 | LARM615 | 16 | Jan 2012 |
| BSOP616 | 16 | Des 2011 | LARM616 | 16 | Jan 2012 |
| BSKP626 | 8 | Des 2011 | IOPS616 | 16 | Jan 2012 |
| BSKP621 | 8 | Des 2011 | IOPS617 | 8 | Jan 2012 |
| BSKP622 | 8 | Des 2011 | HRMA622 | 8 | Jan 2012 |
| BSKP671 | 16 | Des 2011 | HRMA623 | 16 | Jan 2012 |
| BSOP621 | 16 | Des 2011 | LARM621 | 16 | Jan 2012 |
| BSOP623 | 16 | Des 2011 | LARM622 | 16 | Jan 2012 |
| BSOP671 | 8 | Des 2011 | LARM611 | 8 | Jan 2012 |
| BSOP624 | 16 | Des 2011 | LARM623 | 16 | Jan 2012 |
| - | - | - | LARM624 | 16 | Jan 2012 |

## E.6.2 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS SCIENTIAE

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in die program en kurrikulum wat in reël E.5.3(d) beskryf word en kan voltyds of deeltyds geneem word.

### E.6.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een jaar** vir voltydse en **twee jaar** vir deeltydse studente; die maksimum duur is **twee jaar**, met dien verstande dat aansoek gedoen kan word om die tydperk te verleng.

### E.6.2.2 TOELATING

’n Student moet reeds in besit wees van ’n toepaslike baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Senaat goedgekeur.

### E.6.2.3 PROGRAM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, bied gevorderde en loopbaangerigte opleiding in die Inligtingstegnologie. By die samestelling van die kurrikulums is daarom oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoeftes van ons land. Hierdie kurrikulums berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie (HOKR vlak 9) in bepaalde spesialisrigtings.

#### E.6.2.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Toelating tot hierdie kwalifikasieprogram geskied volgens die Akademiese Reëls van die Universiteit.

#### E.6.2.3.2 KURRIKULUM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE (202 125 – N637V)

##### E.6.2.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Aan die einde van die studie moet die student in staat wees om sekere konvergente en divergente probleme uit die inligtingstegnologieveld te identifiseer, te evalueer, en basiese kennis en tegnieke van die Inligtingstegnologie te integreer om probleme kreatief en innoverend op te los.

##### E.6.2.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Die Honneurs BSc kan toelating gee tot verdere leer vir die MSc-graad.

##### E.6.2.3.2.3 Artikulasie na en van ander inrigtings

a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.

b) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die student met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer voort te gaan aan ander inrigtings.

##### E.6.2.3.2.4 Ander reëls

Die kurrikulum is saamgestel in ’n vaste formaat soos hieronder IN v.12.2.3.2.5 uiteengesit. Die projek moet in oorleg met die Direkteur van die Skool vir Inligtingstegnologie gekies word, en verkieslik in samewerking met nywerhede gedoen word.

**E.6.2.3.2.5 Samestelling van die kurrikulum (202 125 – N637V)**

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ITWV671 | Navorsingsmetodologie en Projek | 32 |
| ITWV672 | Besluitsteunstelsels | 32 |
| ITWV673 | Data-ontginning | 32 |
| ITWV674 | Mens/rekenaar-interaksie | 32 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

## E.6.2.3.3 KURRIKULUM: REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS (202 134 – N653V)

### E.6.2.3.1 Kurrikulumuitkomste

Aan die einde van die studie moet die student in staat wees om sekere konvergente en divergente probleme uit die inligtingstegnologieveld te identifiseer, te evalueer, en basiese kennis en tegnieke van die Inligtingstegnologie te integreer om probleme kreatief en innoverend op te los.

### E.6.2.3.2 Artikulasie en uittreepunt

Die Honneurs BSc kan toelating gee tot verdere leer vir die MSc-graad.

### E.6.2.3.3 Artikulasie na en van ander inrigtings

a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.

b) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die student met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer voort te gaan aan ander inrigtings.

### E.6.2.3.4 Ander reëls

Die kurrikulum is saamgestel in 'n vaste formaat soos in V.12.2.3.3.5 hieronder uiteengesit. Die projek moet in oorleg met die Direkteur van die Skool vir Inligtingstegnologie gekies word, en verkieslik in samewerking met nywerhede gedoen word.

**E.6.2.3.3.5 Samestelling van die kurrikulum: (202 134 – N653V)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste Semester** | |
| **ITRI612* | *Linieêre Programmering I* | *12 |
| **ITRI617* | *Beeldverwerking I* | *12 |
| ITRI611 | Datapakhuise I | 12 |
| ITRI613 | Databasisse I | 12 |
| ITRI614 | Inligtingstelselingenieurswese I | 12 |
| ITRI615 | Rekenaarsekuriteit I | 12 |
| *ITRI616* | *Kunsmatige Intelligensie I* | *12* |
| ITRI618 | Besluitsteunstelsels I | 12 |
| ITRI671 | Projek | 32 |
| | **Tweede Semester** | |
| **ITRI622* | *Linieêre Programmering II* | *12 |
| **ITRI627* | *Beeldverwerking II* | **12* |
| ITRI621 | Datapakhuise II | *12* |
| ITRI623 | Databasisse II | 12 |
| ITRI624 | Inligtingstelselingenieurswese II | 12 |
| ITRI625 | Rekenaarsekuriteit II | 12 |
| ITRI626 | Kunsmatige Intelligensie II | *12* |
| ITRI628 | Besluitsteunstelsels I | 12 |
| | **Credit total for the curriculum** | **128** |

<u>Neem kennis</u>: *An asterisk (*) dui aan dat hierdie modules nie in 2014 aangebied word nie*

## E.6.3 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII (M COM)

### E.6.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur vir alle MCom-grade is een jaar, met die uitsondering van MCom (Bedryfsielkunde) waarvoor die minimum duur twee jaar is. Die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in Akademiese Reël 4.4.10. Die studie kan te eniger tyd op grond van onbevredigende vordering op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Senaat beëindig word.

### E.6.3.2 TOELATING

Toelating tot magisterstudie geskied in ooreenstemming met Akademiese Reël 4.2.

a) ’n Student moet in besit wees van ’n Hons BCom-graad of die status van ’n Hons BCom-graad soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot bevrediging van die direkteur vir die voorgenome MCom-studie wees.

b) ’n Student moet ’n gemiddeld van minstens 60% in die Hons BCom behaal het.

c) Die student moet minstens 60% in die betrokke Hons BCom-modules waarop die voorgenome studie berus, behaal het.

d) Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die betrokke direkteur wees. Voornemende MCom (Bedryfsielkunde)-studente is aan ’n keuringsprogram onderworpe wat by die direkteur beskikbaar is.

### E.6.3.3 PROGRAMME EN KURRIKULUMS

#### E.6.3.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum sal:

a) studente toegerus wees met deskundigheid en met ’n gevorderde en indiepte kennis asook ’n kritiese ingesteldheid in die gekose program of kurrikulum om hulle daardeur in staat te stel om op ’n verantwoordelike en sinvolle wyse ’n bydrae te lewer in die veld van die ekonomiese en bestuurswetenskappe op plaaslike en nasionale vlak;

b) studente se navorsingsvermoë en vaardighede so ontwikkel wees dat hulle oorspronklike navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van ’n verhandeling of navorsingsartikel(s).

#### E.6.3.3.2 PROGRAM EN KURRIKULUM: EKONOMIE (505 120 – E803V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ECON872 | Verhandeling | 148 |
| ECON874 | Gevorderde Mikro-ekonomie | 16 |
| ECON876 | Gevorderde Navorsingsmetodologie | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | 180 |

### E.6.3.3.3 PROGRAM EN KURRIKULUM: INTERNASIONALE HANDEL (505 121 – E804V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ECON872 | Verhandeling | 148 |
| ECON879 | Gevorderde Internasionale Handel | 16 |
| ECON876 | Gevorderde Navorsingsmetodologie | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### E.6.3.3.4 PROGRAM EN KURRIKULUM: RISIKOBESTUUR (505 122 – E805V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ECON872 | Verhandeling | 148 |
| ECON882 | Gevorderde Risikobestuur | 16 |
| ECON876 | Gevorderde Navorsingsmetodologie | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### E.6.3.3.5 PROGRAM EN KURRIKULUM: ENTREPRENEURSKAP (505 124 – E814V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ENTR827 | Verhandeling | 144 |
| ENTR874 | Gevorderde Entrepreneurskap (Capita Selecta) | 36 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### E.6.3.3.6 PROGRAM EN KURRIKULUM: BEMARKINGSBESTUUR (505 125 – E815V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| BMAR872 | Verhandeling | 144 |
| BMAR874 | Gevorderde Ondernemingsbestuur (Capita Selecta) | 36 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### E.6.3.3.7 PROGRAM EN KURRIKULUM: ONDERNEMINGSBESTUUR (505 134 – E816V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Compulsory module** | |
| BMAN872 | Verhandeling | 144 |
| BMAN874 | Gevorderde Ondernemingsbestuur | 36 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### E.6.3.4 PROGRAM: REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

Die kurrikulum bemagtig studente met hoëvlak-kennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die student in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te verstaan, om krities en innoverend te dink en om ’n grondslag te lê vir verdere spesialisasie by wyse van gevorderde kwalifikasies.

### E.6.3.4.1 KURRIKULUM: BEDRYFS- EN BESTUURSREKENINGKUNDE

**(*E830V en E841V)**

#### E.6.3.4.1.1 Spesifieke reëls

a) Twee modules van 32 krediete elk en 'n skripsie van 64 krediete word vereis, waarvan minstens een kursuseenheid in die departement moet wees waar die skripsie gedoen word ***(*E830V). *Word nie in 2014 aangebied.***

b) Studente kan ook kies om slegs 'n verhandeling (128 krediete) te skryf (E841V).

c) Die onderwerp van die verhandeling/skripsie moet op aanbeveling van die betrokke direkteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur word.

#### E.6.3.4.1.2 Samestelling van die kurrikulum

| Kwalifikasie kodes | Kurrikulum kodes | Module-kodes | Beskrywende name | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 505 129 | E841V | MACC871 | Verhandeling | 180 |
| | | **of** | **of** | |
| **505 137* | **E830V* | **BRKP873* | *Skripsie* | *64* |
| | | **BRKP874* | *Gevorderde Finansiële Bestuur en Strategie* | *32* |
| | | **BRKP875* | *Gevorderde Bestuursrekeningkunde en Besigheidstrategie* | *32* |
| | | **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

*An asterisk (*) indicates that the modules won't be offered in 2014*

### E.6.3.4.2 KURRIKULUM: REKENINGKUNDE (505 130 – E842V)

#### E.6.3.4.2.1 Spesifieke reëls

a) Die student moet 'n verhandeling (180 krediete) skryf.

b) Die onderwerp van die verhandeling moet op aanbeveling van die betrokke direkteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur word.

#### E.6.3.4.2.2 Samestelling van die kurrikulum (505 130 – E842V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ACCC871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |
| | | |

**E.6.3.4.3 KURRIKULUM: SUID AFRIKAANSE EN INTERNASIONALE BELASTING (verhandeling) (505 132 - E834V) **Not offered in 2014***

**E.6.3.4.3.1 Spesifieke reëls**

a) Studente mag slegs ’n verhandeling skryf (188 krediete).

b) Die onderwerp van die verhandeling/skripsie moet op aanbeveling van die betrokke direkteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur word.

**E.6.3.4.3.2 Samestelling van die kurrikulum (505 132 – E834V)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| TAXM871 | Belasting: Verhandeling | 188 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **188** |

**E.6.3.4.4 KURRIKULUM: MENSEHULPBRONBESTUURWETENSKAP (505 128 – E852V)**

**E.6.3.4.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes**

Voornemende studente in *Mensehulpbronbestuur* moet voldoen aan die volgende toelatingsvereistes:

a. ’n Student moet beskik oor ’n BA honneursgraad of BCOM honneursgraad in Mensehulpbronbestuur. Die studie-inhoud van hierdie graad moet tot bevrediging wees van die dekaan en die direkteur van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe en Skool vir Gedragswetenskappe (Vanderbijlparkkampus). Die graad behoort die volgende vakke in te sluit: Navorsingsmetodologie en navorsingsverslag, Toegepaste arbeidsverhoudinge, Mensekapasiteitsontwikkeling, Organisasiegedrag, Mensehulpbronstrategieë en Praktiese statistiek (STTN 124).

b. Die student moes ’n gemiddeld van <u>*65%*</u> in die honneursgraad behaal het om te kwalifiseer om genooi te word na die keuringsproses.

c. Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die skooldirekteure van die Potchefstroom- en Vanderbijlparkkampusse en die direkteur van die navorsingsentiteit wees. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes (soos bepaal gedurende die keuringsproses) onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens ’n navorsingsmetodologiekursus suksesvol voltooi word. (Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak, of enige ander kursus tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsentiteite).

d. Voornemende studente moet ook ’n keuringsproses gerig op die meting van die bevoegdhede daargestel vir Mensehulpbronpraktisyne deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Mense Praktyke, slaag. Die keuringsproses sluit ’n bevoegdheidseksamen in Statistiek in. Studente wie se vermoëns in Statistiek as onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens ’n Statistiekkursus suksesvol voltooi word. Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak.

**Studente vanaf ander universiteite:**

- Enige ander student sal beoordeel word gebaseer op die uitkomste en inhoud van die program wat hulle studeer het by die spesifieke universiteit.
- Krediete vir voornemende studente mag oorweeg word op die basis van onderhoude, portefeuljes en/of toetse wat poog om empiriese leer, vaardighede en motivering te identifiseer.
- Diplomas of technikon-grade sal nie erken word nie.
- Enige ander graad buite Mensehulpbronbestuur sal nie oorweeg word vir toelating tot die meestersgraad nie.

**E.6.3.4.4.2 Samestelling van die kurrikulum (505 128 – E852V)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| HRMA873 | Skripsie | 148 |
| HRMA874 | Wetenskapberedening | 16 |
| HRMA875 | Mens Ontwikkeling | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

**E.6.3.4.5 KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDE (505 126 – E850V)**

**E.6.3.4.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Voornemende studente in *Bedryfsielkunde* moet voldoen aan die volgende toelatingsvereistes:

a. ’n Student behoort te beskik oor ’n BA honneursgraad in Bedryfsielkunde vanaf ’n geakkrediteerde RGBSA-universiteit (dit impliseer dat die graad sal lei tot die registrasie as Berader/Psigometris by die RGBSA na die suksesvolle voltooiing van die raadseksamen). Die studie-inhoud van hierdie graad moet tot die bevrediging van die dekaan en die direkteur van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe (Potchefstroomkampus) en die Skool vir Gedragswetenskappe (Vanderbijlparkkampus) wees.

b. Die graad behoort die volgende vakke in te sluit: Psigometrika, Psigologiese evaluering (Psigometriese toetsing), Loopbaansielkunde, Navorsingsmetodologie en navorsingsverslag, Organisasie-ontwikkeling, Mensehulpbronstrategieë en Praktiese statistiek (STNN 124).

c. Die student moes ’n gemiddeld van *65%* in die honneursgraad behaal het om te kwalifiseer om genooi te word na die keuringsproses.

d. Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die skooldirekteure en die direkteur van die navorsingsentiteite wees. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes (soos bepaal tydens die keuringsproses) as onvoldoende geag word, sal slegs toegelaat word tot die meestersprogram alvorens ’n navorsingsmetodologiekursus suksesvol voltooi is. (Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en

Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak of enige ander kursus tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsentiteite).

e. Voornemende studente moet ook 'n keuringsproses gerig tot die meting van die bevoegdhede daargestel vir sielkundiges deur die Raad op Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA), slaag. Hierdie keuringsproses sluit 'n bevoegdheidseksamen in Statistiek in. Studente wie se vermoëns in Statistiek as onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens 'n Statistiekkursus suksesvol voltooi word. Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak.

**Studente van ander universiteite:**

- Enige ander student sal beoordeel word gebaseer op die uitkomste en inhoud van die program wat hulle studeer het by die spesifieke universiteit.
- Krediete vir voornemende studente mag oorweeg word op die basis van onderhoude, portefeuljes en/of toetse wat poog om empiriese leer, vaardighede en motivering te identifiseer.
- Diplomas of technikon-grade sal nie erken word nie.
- Enige ander graad buite Mensehulpbronbestuur of Bedryfsielkunde sal nie oorweeg word vir toelating tot die meestersgraad nie.

**E.6.3.4.5.2 Samestelling van die kurrikulum: (505 126 – E850)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| IOPS873 | Skripsie | 100 |
| IOPS874 | Wetenskapberedenering | 16 |
| IOPS875 | Mensontwikkeling | 16 |
| IOPS876 | Professionele Bedryfsielkunde | 16 |
| IOPS877 | Welstand | 16 |
| IOPS878 | Toegepaste Berading | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

**E.6.3.4.6. KURRIKULUM: ARBEIDSVERHOUDINGE BESTUUR (505 145 – E826V)**

**E.6.3.4.6.1 Spesifieke reëls**

Studente moet 'n verhandeling (180 krediete) skryf.

**E.6.3.4.6.2 Samestelling van die kurrikulum (505 145 – E826V)**

| Modulekode | Verpligte module | Kt |
|---|---|---|
| LARM871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

## E.6.4. REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE (MSC)

Die MSc.-graad is 'n graad wat kan volg op 'n Honneurs BSc.-graad of 'n ander erkende graad wat deur die Senaat goedgekeur is, of nadat die status van 'n BSc.- of 'n Honneurs BSc.-graad verleen is. Die studie kan voltyds of deeltyds geskied.

### E.6.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deeltyds, en die maksimum duur is drie jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die kwalifikasieprogram, met dien verstande dat aansoek gedoen kan word om die tydperk te verleng.

### E.6.4.2 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

'n Student wat van voorneme is om vir die magistergraad in te skryf, moet by die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika, wat hierin optree in oorleg met die direkteur van die Skool vir Inligtingstegnologie, toestemming verkry om die studie te onderneem. Toelating geskied volgens die Akademiese Reëls van die Universiteit.

### E.6.4.3 KURRIKULUM: REKENAARSWETENSKAP (203 180 - N802V)

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir 'n magisterverhandeling of -skripsie vereis word, binne 'n navorsingseenheid of een van die navorsingsfokusareas verrig word. Die Magister-program wat in die Skool vir Inligtingstegnologie aangebied word, ressorteer onder die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika.

### E.6.4.4 KURRIKULUMUITKOMSTE

Die uitkomste soos beskryf by die Honneurs Baccalaureus Scientiae word by hierdie Magister Scientiae verder verfyn en afgerond. Verder sal die kwalifiseerders in hierdie kurrikulum vertroud wees met die algemene wetenskaplike metode van navorsing, met toespitsing op die besondere navorsingsmetodologie van die inligtingstegnologie.

#### E.6.4.4.1 ARTIKULASIE EN UITTREEPUNT

#### E.6.4.4.1.1 Artikulasie vir verdere studie

Met die suksesvolle voltooiing van die MSc-kwalifikasie sal die student direk toegang hê tot verdere leer vir die doktorsgraad op NKR-vlak 9 /HOKR vlak 10.

#### E.6.4.4.1.2 Artikulasie na en van ander inrigtings

a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.

b) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die student met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer voort te gaan aan ander inrigtings.

**E.6.4.4.1.3 Samestelling van die kurrikulum: (203 180 – N802V)**

'n Student kies in oorleg met die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika en die direkteur van die Skool vir Inligtingstegnologie 'n geskikte tema vir 'n verhandeling.

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ITWV871 | Verhandeling | 180 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

**E.6.4.5 KURRIKULUM: OPERASIONELE NAVORSING (203 180 – N801V)**

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir 'n magisterverhandeling of -skripsie vereis word, binne 'n navorsingseenheid of een van die navorsingsfokusareas verrig word.

**E.6.4.6 KURRIKULUMUITKOMSTE**

Die uitkomste soos beskryf by die Honneurs Baccalaureus Scientiae word by hierdie Magister Scientiae verder verfyn en afgerond. Verder sal die kwalifiseerders in hierdie kurrikulum vertroud wees met die algemene wetenskaplike metode van navorsing, met toespitsing op die besondere navorsingsmetodologie van die inligtingstegnologie.

**E.6.4.6.1 ARTIKULASIE EN UITTREEPUNT**

**E.6.4.6.1.1 Artikulasie vir verdere studie**

Met die suksesvolle voltooiing van die MSc.-kwalifikasie sal die student direk toegang hê tot verdere leer vir die doktorsgraad op NKR-vlak 9 / HOKR vlak 10 in die toepaslike program.

**E.6.4.6.1.2 Artikulasie na en van ander inrigtings**

a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.

b) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die student met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer voort te gaan aan ander inrigtings.

**E.6.4.6.1.3 Samestelling van die kurrikulum: (203 180 – N801V)**

'n Student kies in oorleg met die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika en die direkteur van die Skool vir Inligtingstegnologie 'n geskikte tema vir 'n verhandeling.

| Modulekode | Verpligte module | Kt |
|---|---|---|
| ITWV874 | Data –ontginning I | 32 |
| ITWV875 | Data-ontginning II | 32 |
| ONAV872 | Verhandeling | 64 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

## E.7 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in V.11.3 (d) gelys word en wat hieronder in besonderhede beskryf word; dit word voltyds of deeltyds geneem.

### E.7.1 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

#### E.7.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur vir die graadstudie is twee akademiese jare en behoudens uitsonderings, hoogstens vier akademiese jare, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in reël Akademiese Reël 5.4.10. Die studie kan op grond van onbevredigende vordering op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Senaat beëindig word.

#### E.7.1.2 TOELATING

a) Toelating tot doktorsgraadstudie geskied in ooreenstemming met Akademiese Reël 5.2.

b) ’n Kandidaat moet beskik oor ’n magistergraad in die program waarvoor die kandidaat vir die PhD. wil registreer.

### E.7.2 SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE

#### E.7.2.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die student vir **een** die volgende:

| Kwalifikasie kodes | Kurrikulum kodes | Module kodes | Beskrywende name | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 805 110 | G931V | PSYC971 | Psigologie | 360 |
| 104 121 | L951V | SOCL971 | Sosiologie | 360 |
| 506 136 | E923V | LARM971 | Arbeidsverhoudinge Bestuur | 360 |

#### E.7.2.2 PROGRAM: BEDRYFSIELKUNDE

##### E.7.2.2.1 Toelatingsvereistes

Voornemende studente in *Bedryfsielkunde* behoort te beskik oor ’n meestersgraad in Bedryfsielkunde. ’n Gemiddeld van 60% vir die meestersgraad is ’n voorvereiste vir PhD-keuring. Alle aansoekers is onderhewig aan ’n keuringsproses gebaseer op die student se CV en ’n geskeduleerde onderhoud waartydens die voornemende navorsingstudie van die student bespreek sal word.

##### E.7.2.2.2 Samestelling van die kurrikulum: (506 127 – E920V)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| IOPS971 | Bedryfsielkunde | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

## E.7.3 SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

### E.7.3.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die student vir **een** van die volgende:

**Word nie in 2014 aangebied nie*

| Kwalifikasiekodes | Kurrikulum kodes | Modulekodes | Beskrywende name | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 506 134 | E931V | BRKP971 | Bedryfs en Bestuursrekeningkunde | 360 |
| **506 132* | *E934V* | *REIP971* | *Belasting* | *360* |
| 506 130 | E936V | ACCC971 | Rekenmeesterskap | 360 |

## E.7.4 SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE

### E.7.4.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die student vir **een** van die volgende:

| Kwalifikasie kodes | Kurrikulum kodes | Modulekodes | Beskrywende name | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 506 121 | E901V | EKIP971 | Internasionale handel | 360 |
| 506 122 | E902V | EKRP971 | Risikobestuur | 360 |
| 506 120 | E903V | ECON971 | Ekonomie | 360 |
| 506 125 | E914V | BMAR971 | Bemarkingsbestuur | 360 |
| 506 124 | E915V | ENTR971 | Entrepreneurskap | 360 |
| 506 108 | E916V | BMAN971 | Ondernemings bestuur | 360 |

## E.7.5 SKOOL VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir ’n PhD-proefskrif vereis word, binne ’n navorsingseenheid of een van die navorsingsfokusareas verrig word. Die PhD-program wat in die Skool vir Inligtingstegnologie aangebied word, ressorteer onder die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika.

### E.7.5.1 Spesifieke Toelatingsvereistes

’n Student wat van voorneme is om vir ’n doktorsgraad in te skryf, moet by die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika, wat hierin optree in oorleg met die direkteur van die Skool vir Inligtingstegnologie, toestemming verkry om die studie te onderneem. Toelating tot hierdie program geskied volgens die Akademiese Reël 5.2van die Universiteit.

Die navorsingsrigting waarin die proefskrif gedoen word, word bepaal deur die navorsing-subprogramme binne die Navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika. Die onderwerp vir ’n PhD-proefskrif moet in oorleg met die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika en die direkteur

van die Skool vir Inligtingstegnologie, uit een van die volgende navorsingsrigtings gekies word:

i) Besluitsteunstelsels

ii) Data-ontginning

iii) Mens-rekenaar Interaksie

iv) Spraakherkenningstegnologie

v) Selfoontegnologie

vi) Ernstige Speletjies

**E.7.5.2 PROGRAM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE**

**E.7.5.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die uitkomste soos beskryf by die Magister Scientiae word in hierdie kurrikulum verder verfyn en finaal afgerond ten einde die student in staat te stel om 'n bepaalde bydrae te maak tot die ontwikkeling van nuwe kennis en vaardighede in die veld van spesialisasie.

**E.7.5.2.2 Artikulasie na en van ander inrigtings**

a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.

b) Met die basiese, toepasbare en spesialisvaardighede, sowel as navorsings-vaardighede, wat die student met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer en navorsing voort te gaan in verwante spesialisasiegebiede aan ander inrigtings, nasionaal en internasionaal.

**E.7.5.2.3 Samestelling van die kurrikulum: (204 130 – N937V)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ITWV971 | Proefskrif | 360 |
| **Kredietttotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

**E.7.5.3 PROGRAM: OPERASIONELE NAVORSING**

**E.7.5.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Die uitkomste soos beskryf by die Magister Scientiae word in hierdie kurrikulum verder verfyn en finaal afgerond ten einde die student in staat te stel om 'n bepaalde bydrae te maak tot die ontwikkeling van nuwe kennis en vaardighede in die veld van spesialisasie.

**E.7.5.3.2 Artikulasie na en van ander inrigtings**

a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.

b) Met die basiese, toepasbare en spesialisvaardighede, sowel as navorsings-vaardighede, wat die student met hierdie kwalifikasie

opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer en navorsing voort te gaan in verwante spesialisasiegebiede aan ander inrigtings, nasionaal en internasionaal.

### E.7.5.3.3 Samesteling van die kurrikulum: (204 131 – N901V)

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ONAV971 | Proefskrif | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

## E.8 MODULE-UITKOMSTE VAN NAGRAADSE MODULES

Die module-uitkomste van honneurskurrikulums wat deur die Vaaldriehoekkampus aangebied word, word hier alfabeties gelys. Module-uitkomste wat nie hier verskyn nie, kan in die studiegids vir die betrokke module gevind word.

| MODULEKODE: BMAN 611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | GEÏNTEGREERDE BESTUURSTOEPASSING | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- 'n sistematiese en teoretiese kennis hê van die elemente wat bydra tot 'n effektiewe ondernemingsplan asook ŉ lewensvatbare besigheidsgeleentheid;
- die belangrikheid van die opstel van funksionele planne as deel van die ondernemingsplan begryp;
- in staat wees om teorie te gebruik om besigheidsgeleenthede te evalueer; en
- in staat wees om 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en voor te dra.

| MODULEKODE: BMAN 612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | GEVORDERDE ENTREPRENEURSKAP | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- die rol van entrepreneurskap in die ekonomie, die breë betekenis van die term entrepreneurskap, entrepreneuriese ingesteldheid en sukses vaardighede in verskillende kontekste kan toepas;
- die dominante temas vir entrepreneuriese sukses kan ontleed;
- ’n persoonlike entrepreneuriese / loopbaanstrategie kan ontwikkel en aanbied;
- die dryfkragte van entrepreneurskap in die entrepreneuriese proses kan toepas;
- verskeie geleenthede met behulp van die venster van geleentheid kan evalueer;
- geleenthede met behulp van geleentheidskandering kan ontleed;
- weet hoe om tot verskeie finansieringsalternatiewe toegang te kan kry;
- ’n franchise as geleentheid kan ontleed;
- van die basiese beginsels van inkomstebelasting vir individu en onderneming kennis geneem het;
- ’n gevallestudies kan skryf en ontleed;
- weet hoe om ’n onderneming in die begin- en groeifase te bestuur;
- in groepe aan opdragte kan werk en effektiewe terugvoer gee; en
- betekenisvolle aanbiedings kan doen.

| MODULEKODE: BMAN 621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | ONDERNEMINGSPLAN | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- in staat wees om teorie te gebruik om besigheidsgeleenthede te evalueer;
- in staat wees om 'n industrie- en markevaluasie van ŉ nuwe onderneming te kan doen;
- in staat wees om 'n uitvoerbare besigheidsgeleentheid te identifiseer; en
- 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en dit voor te dra.

| MODULEKODE: BMAN 622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | FINANSIËLE BESTUUR | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- ŉ omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, ontleding van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardering en interne opbrengskoers, en dividend beleid kan demonstreer;
- vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge kan demonstreer;
- die vermoë om ŉ literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, ŉ verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as ŉ individu of lid van ŉ groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings aan ŉ gehoor demonstreer; en
- die vaardigheid om probleme en gevallestudies gebaseer op bogenoemde aspekte van finansiële bestuur kan oplos.

| MODULEKODE: BMAR 611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: KLEINHANDELSBESTUUR** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- kennis demonstreer oor kleinhandel en kleinhandelsbestuur;
- ŉ situasie-analise uitoefen;
- die regte klante teiken vir ŉ kleinhandelwinkel;
- ŉ vestigingsplek kan kies vir die kleinhandelwinkel;
- kennis demonstreer oor die bestuur van ŉ kleinhandelonderneming;
- kennis demonstreer oor die voorraad en prys van produkte in die kleinhandelwinkel;
- identifiseer hoe om met klante te kommunikeer; en
- ŉ kleinhandelplan kan skryf.

| MODULEKODE: BMAR 621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BEMARKINGSPLAN** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- die onderneming se huidige situasie ontleed;
- markte en klante ontleed;
- ŉ SWOT-ontleding uitvoer;
- marksegmentering, doelmarkkeuse en posisionering van die onderneming se produkte uitvoer;
- finansiële-, bemarkings- en sosiale doelwitte stel;
- ŉ bemarkingstrategie opstel;
- bemarkingsprogramme ontwikkel;
- ŉ bemarkingsplan opstel wat bogenoemde konstrukte dek; en
- die bemarkingsplan vir belanghebbendes aanbied.

| MODULEKODE: BMAR 622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: INTERNASIONALE BEMARKING** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- om ŉ deeglike kennis en begrip van die teorie van die voorgeskrewe handboek te toon en dit te kan toepas op gevallestudies;
- om ŉ profiel vanuit ŉ bemarking- en moontlike internasionale uitvoer-oogpunt op te stel vir ŉ gegewe land en of area met betrekking tot die spesifieke kriteria;
- om die sosio-ekonomiese, regs-, ekonomiese, politiese, fisiese en tegnologiese omgewings as faktore toe te pas op ŉ internasionale bemarkingsveldtog;
- om te verduidelik waarom internasionale bemarkingsnavorsing belangrik is;
- om die produkidee vir ŉ internasionale bemarkingsplan te formuleer en die aspekte wat belangrik is om in ag te neem wanneer die produk in die bemarkingsmengsel ingesluit word, te bespreek;
- om ŉ internasionale bemarkingsplan te ontwikkel en ŉ geskrewe plan in te handig; en
- om ŉ internasionale plan deur ŉ 15-minute verkoopsaanbieding aan te bied, waar die idée en sy komponente aan die bestuur en potensiële investeerders uiteengesit word.

| MODULEKODE: BMAR 623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: VERKOOPSBESTUUR** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- 'n persoonlike verkoopsfilosofie;
- 'n verhoudingstrategie;
- 'n produkstrategie ;
- 'n klantestrategie; en
- 'n aanbiedingstrategie.

| MODULEKODE: BMAR 671 | SEMESTER 1/2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BEMARKINGSNAVORSING** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- die vermoë demonstreer om ŉ navorsingsvoorstel op te stel;
- die vermoë demonstreer om ŉ vraelys op te stel;
- primêre data versamel deur middel van veldwerk onder respondente in die teikenmark;
- data verkry deur die veldwerk in te sleutel en te analiseer; en
- die vermoë demonstreer om ŉ akademiese artikel te skryf.

| MODULEKODE: BRKP613 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BEPLANNING EN BESLUITNEMINGSTEGNIEKE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- bespreek die beginsels van besluitneming, insluitende die identifikasie van relevante kontantvloei en die gebruik daarvan tesame met kwalitatiewe faktore om volledige evaluerings te kan maak;

- bespreek die moontlike konflik tussen kosteberekening vir winsverslagdoening, voorraadwaardering en inligting benodig vir besluitnemingsdoeleindes;
- bespreek die spesifieke knelpunte in prysbesluite met betrekking tot die konflik tussen marginale kostebeginsels en die behoefte om volkoste te verhaal;
- Toepassing van 'n prysbenadering om wins op onvolmaakte markte te maksimeer;
- bespreek die finansiële gevolge van alternatiewe prysbesluite;
- verduidelik waarom gemeenskaplike koste na finale produkte vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes toegedeel moet word, maar dit sinloos is wanneer proses- of produklewensvatbaarheidsbesluite geneem moet word;
- verduidelik die nut om koste in vaste- en veranderlike komponent te verdeel teen die agtergrond van korttermynbesluitneming;
- interpreteer vaste/ veranderlike koste ontledings vir meervoudige produkte in die gelykbreekontleding en produkmengselbesluite, insluitende omstandighede waar meervoudige beperkings bestaan wat met behulp van lineêre programmering opgelos moet word ten einde 'n optimale oplossing te verkry;
- bespreek die betekenis van optimale oplossing en toon hoedat lineêre programmeringsmetodes aangewend kan word vir winsmaksimering, inkomstemaksimering en bevrediging van doelwitte;
- ontleed die invloed van onsekerheid en risiko ten opsigte van besluitnemings modelle wat op koste-volume-winsontleding gebaseer is;
- vergelyk en kontrasteer waarde-ontleding en funksionele koste-ontleding;
- evalueer die invloed van net-betydsproduksie, die teorie van beperkings en totale kwaliteitsbestuur op doeltreffendheid, voorraad en koste;
- verduidelik die begrip deurlopende verbetering en Kaizen kosteberekening wat die kernpunt van kwaliteitsbestuur vorm;
- voorbereiding van kwaliteitskosteverslae;
- toepassing van leerkurwes om die tyd en koste van 'n nuwe produk of diens te skat;
- toepassing van die tegniek van aktiwiteitsgebaseerde bestuur en die identifisering van kostedrywers/ aktiwiteite;
- verduidelik hoe prosesherstrukturering gebruik kan word om aktiwiteite te elimineer wat nie waarde toevoeg nie en om aktiwiteitskoste te bespaar;
- verduidelik hoe doelwitkoste vanaf doelwitpryse afgelei kan word en ook die verwantskap tussen doelwitkoste en standaardkoste;
- Verduidelik die begrip lewensikluskosteberekening en die interrelasie daarvan met bemarkingstrategieë in elke fase van die siklus;
- bespreek die waardeketting begrip en die bestuur van bydrae/ wins wat daardeur gegenereer word;
- bespreek verlowingsooreenkomste waar kontrakteurs en kliënte bevoordeel word indien kontrakmikpunte soos koste, afleweringstyd ens. verbeter word;
- ontleed direkte kliënte winsgewendheid en brei dit uit na produkkanaalwinsgewendheid deur middel van die toepassing van aktiwiteitsgebaseerde koste-berekingdenke;
- toepassing van Pareto ontleding as 'n gepaste tegniek vir die identifisering van sleutelelemente en die aanbieding van resultate in ander ontledings soos aktiwiteitsgebaseerde winsberekeninge;
- Capita Selecta.

| **MODULEKODE: BRKP614** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 16** |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BESTUURSBESLUITNEMING** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- Bespreek koste metodes en die metodes se resultate.
- vergelyk en kontrasteer marginale (of veranderlike), deurplaas en absorpsie rekeningkundige metodes in verband met verslagdoening rakende wins en voorraadwaardasie;
- bespreek 'n verslag wat begrote en werklike wins rekonsilieer deur middel van absorpsie en/of marginale koste beginsels;
- bespreek aktiwiteitsgebaseerde koste in vergelyking met tradisionele marginale en absorpsie koste metodes, insluitend die relatiewe voordele en nadele as 'n stelsel van koste rekeningkunde;
- pas standaardkoste metodes binne koste stelsels toe, ingesluit die rekonsiliasie van begrote en werklike winsgrense;
- verduidelik hoekom en hoe standaarde gestel word in vervaardiging en diens industrieë met spesifieke verwysing na die maksimalisering van effektiwiteit en minimalisering van verspilling;
- interpreteer materiaal-, arbeid-, veranderlike bokoste, vaste bokoste en verkoopsafwykings, en onderskei tussen beplannings en operasionele afwykings;
- berei verslae voor deur gebruik te maak van 'n reeks interne en eksterne norme en die resultate te interpreteer;
- verduidelik die impak van net-betyds vervaardigingsmetodes op koste rekeningkunde en die gebruik

van 'terugvloei koste rekeningkunde' wanneer werk-in-proses voorraad minimaal is.

- Verduidelik die rol van MRP en ERP stelsels.
- verduidelik die rol van MRP en ERP stelsels ondersteunend tot standaardkoste stelsels, deur berekening van afwykings en fasilitering van die teboekstel van grootboekinskrywings.
- Pas beginsels van omgewings-koste berekening toe.
- pas beginsels van omgewings-koste berekening toe in die identifisering van relevante interne koste en eksterne impak op die omgewing van die onderneming se aktiwiteite.
- Verduidelik die doel van vooruitskattings, planne en begrotings.
- verduidelik hoekom organisasies vooruitskattings voorberei en beplanning doen;
- verduidelik die doel van begrotings, insluitend beplanning, kommunikasie, koördinasie, motivering, goedkeuring, beheer en evaluasie, en die moontlike konflik tussen bogenoemde.
- Berei vooruitskattings van finansiële resultate voor.
- bereken geskatte produk/diens volumes deur middel van toepaslike vooruitskattingstegnieke;
- bereken verwagte inkomste en koste gebaseer op produk/diens volumes, prysstrategieë en kostestrukture.
- Berei begrotings voor gebaseer op vooruitskattings.
- berei 'n begroting voor vir enige rekening in die meesterbegroting, gebaseer op projeksies/vooruitskattings en bestuursteikens;
- pas alternatiewe benaderings tot begrotings toe
- Analiseer inligting om die impak van veranderlikes met onsekere waardes op besluite te bepaal.
- analiseer die impak van onsekerheid en risiko op besluitnemingsmodelle wat gebaseer is op relevante kontantvloei, leerkurwes, verdiskonteringstegnieke, ens;
- pas sensitiwiteitsanalise toe op korttermyn en langtermyn besluitnemingsmodelle om sodoende veranderlikes te identifiseer wat 'n wesenlike impak kan hê op projek resultate;
- analiseer risiko en onsekerheid by die berekening van verwagte waardes en standaardafwykings tesame met waarskynlikheidstabelle en histogramme;
- berei tabelle met verwagte waardes voor;
- bereken die waarde van inligting;
- pas besluitnemingsbome toe.
- Capita Selecta

| MODULEKODE: BRKP623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: PRESTASIE-EVALUERING EN -BESTUUR | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- Verduidelik die beginsels onderliggend tot die gebruik van begrotings in beheer.
- verduidelik die konsepte van terugvoer- en omgekeerde terugvoer-beheer en die toepassing daarvan in die gebruik van begrotings vir beplanning en beheer;
- verduidelik die konsep van verantwoordelikheidsrekeningkunde en die belangrikheid daarvan in die opstel van funksionele begrotings wat die oorkoepelende meesterbegroting ondersteun;
- identifiseer beheerbare en nie-beheerbare in die konteks van verantwoordelikheidsrekeningkunde en hoekom nie-beheerbare koste na verantwoordelikheidsentrums toegedeel mag word of nie.
- Evalueer prestasie deur gebruik te maak van begrotings, deur kennis te neem van alternatiewe benaderings en sensitiwiteit teenoor veranderlike faktore.
- evalueer geprojekteerde prestasie deur gebruik te maak van verhoudingsontledings;
- evalueer die gevolge van "wat as" scenario's en die impak daarvan op die meesterbegroting;
- evalueer prestasie deur gebruik te maak van vaste en veranderlike begrotingsverslae.
- Bespreek die wyer bestuursimplikasies wat voortspruit uit die gebruik van begrotings in beheer.
- bespreek die impak van begrotingsbeheer sisteme en die vasstel standaardkoste op menslike gedrag;
- bespreek die rol van nie-finansiële prestasiemeters;
- vergelyk en kontrasteer tradisionele benaderings tot begrotings met aanbevelings gebaseer op die gebalanseerde telkaart';
- bespreek die kritiek op begrotings, veral met verwysing na 'verby begrotings' tegnieke.
- Bespreek die gebruik van verantwoordelikheidsentrums in die opstel van organisasie strukture en in bestuursbeheer.
- Bespreek die gebruik van koste-, inkomste-, wins- en beleggingsentrums in die opstel van organisasie strukture en in bestuursbeheer.
- Bespreek inligting toepaslik vir besluitneming van bestuur in verantwoordelikheidsentrums.
- bespreek koste inligting in toepaslike formate vir bestuur van koste-sentrums, deur beheerbare en nie-beheerbare koste en die belangrikheid van veranderlike begrotings in ag te neem;
- bespreek inkomste en koste inligting in toepaslike formate vir bestuur van wins- en

beleggingsentrums, deur veranderlike koste, toedeelbare koste, beheerbare koste en die identifisering van toepaslike meters van die bydrae van 'n winssentrum in ag te neem;
- bespreek alternatiewe prestasiemeters vir verantwoordelikheid sentrums.
- Bespreek die wyer bestuursimplikasies wat voortspruit uit die verdeling van 'n organisasie in verantwoordelikheidsentrums.
- bespreek die moontlike gedragsgevolge van die gebruik van prestasiemeters in die bestuur van koste-, wins- en beleggingsentrums;
- bespreek die tipiese gevolge van 'n verdeelde struktuur vir prestasiemeting wanneer divisies teen mekaar kompeteer of met mekaar handel dryf;
- bespreek die moontlike gevolge van verskillende benaderings tot oordragpryse vir afdelingsbesluitneming, afdelings- en groepswye winsgewendheid, die motivering van afdelingsbestuur en die outonomie van individuele afdelings;
- bespreek in beginsel die potensiële gevolge van die bestuur van belasting en valuta van die interne oordragsprysbeleid.
- Capita Selecta

| MODULEKODE: BRKP671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: FINANSIËLE BESLUITNEMING** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:
- advies te gee rondom investering, finansiering en dividendbesluite;
- finansiële rekords te analiseer en interpreteer;
- inligting te verskaf en te evalueer vir langtermyn besluitneming;
- die beginsels van finansiering toe te pas op die waardasie van 'n besigheid en die waardasie van finansiële bates deur die toepaslike waardasietegnieke te gebruik;
- die korttermynfinansieringsbehoeftes van 'n entiteit te evalueer en te kontroleer;
- bestuur te adviseer rakende buitelandse valutabestuur en -beleggings;
- toepaslike finansieringsinstrumente te evalueer en te kies vir effektiewe minimalisering van risiko.

| MODULEKODE: BRKP672 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: INLIGTINGSTELSELS EN GEÏNTEGREERDE BESTUUR** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:
- die sosiale, politiese en ekonomies konteks van besigheid te verduidelik;
- die verwantskappe tussen interne beheer binne die organisasie en eksterne bronne van beheer en regulering te ontleed;
- die wyer besigheidskonteks waarbinne inligtingstelsels funksioneer te bespreek;
- 'n ontleding te kan doen van hoe inligtingstelsels geïmplementeer kan word ten einde die organisasie se strategie te ondersteun;
- die verwantskappe tussen bedryfsbestuur en ander aspekte van die organisasie te verduidelik;
- bedryfsbestuurstegnieke en hulpmiddels te kan toepas;
- ontwikkelings in bemarking te kan verduidelik;
- hulpmiddels en tegnieke wat gebruik word ter ondersteuning van die organisasie se bemarking te kan toepas;
- die verwantskappe van mensehulpbronne met die organisasie se ander aktiwiteite te kan verduidelik;
- die aktiwiteite geassosieer met die bestuur van mensehulpbron kapitaal te kan bespreek.

| MODULEKODE: BRKP674 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ORGANISASIEBESTUUR** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:
- die onderskeie mededingingsomgewings en die sleutel eksterne eienskappe daarvan te kan bespreek;
- die ontwikkelings in strategiese bestuur te kan bespreek;
- hulpmiddels en tegnieke vir projekbestuur te kan bespreek;
- die verwantskappe tussen projekbestuur en die eksterne omgewing the kan evalueer;
- die konsepte wat geassosieer word met die effektiewe werking van 'n organisasie te kan bespreek;
- die aktiwiteite en tegnieke wat geassosieer word met die bestuur van mense te kan bespreek.

| MODULEKODE: BRKP676 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: FINANSIËLE ANALISE** | | | |

Groepstate
- Met voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- die vereistes te kan verduidelik vir 'n onderneming om 'n filiaal, geassosieerde en 'n gesamentlike onderneming te kan wees van 'n ander maatskappy sowel as die beginsels van verantwoording te kan toepas;

- gekonsolideerde finansiële state te kan opstel, sowel as intermaatskappy transaksies te kan verantwoord;
- tussentydse verkrygings sowel as verandering in belange te kan verantwoord in gekonsolideerde finansiële state;
- beginsels vir die rekeningkundige hantering van 'n kapitale herkonstruksieskema of ontbondeling te kan verduidelik; en
- buitelandse valuta omskakelings-beginsels te kan verduidelik sowel as die korrekte hantering van buitelandse lenings wat buitelandse ekwiteitsbeleggings finansier.
- Ander
- Met voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- buitelandse valuta omskakelingsprosedures te kan verduidelik en toe te pas;
- die moontlike hantering van finansiële instrumente in die uitreikers se state te kan verduidelik sowel as die omstandighede te identifiseer waar geamortiseerde koste, billike waarde en verskansingsrekeningkunde toepaslik is vir finansiële instrumente, en die beginsels van die rekeningkundige metodes kan verduidelik;
- verdienste per aandeel te kan bespreek en bereken in terme van IAS 33;
- meting van inkomste en kapitaal te kan verduidelik;
- maatreëls om distorsie in finansiële state te verminder wanneer prysvlakke verander. te kan verduidelik;
- aspekte van nie-finansiële-, omgewings- en sosiale verslagdoening te verstaan en kan verduidelik;
- 'n segmentele analise op te stel en te interpreteer; en
- Capita Selecta.

| MODULEKODE: BSKP611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PSIGOMETRIKA** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- die implikasies (bv. etiek en regverdigheid) betrokke in psigometriese toetsing van menslike hulpbronne te ken en verstaan;
- die onderliggende beginsels van ontwikkeling, evaluering en toepassing van psigometriese metingsinstrumente wat gebruik word in die werkplek vir diagnoses, prognoses en die voorspelling van werk verwante gedrag, te verstaan;
- psigometrika, toetsing en assessering wat die proses van toetsing vorm en ondersteun te ken en verstaan;
- toetsing op 'n professionele en etiese wyse te gebruik deur goeie toetsbeginsels te volg; en
- die kontekstuele kennis en vaardighede (wat betref die diverse kliënt populasies wat geëvalueer kan word) toe te pas.

| MODULEKODE: BSKP612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- kennis te dra van watter psigometriese instrumente geregistreerde psigometriste in die werksplek en opvoedkundige konteks mag gebruik op nasionale en internasionale vlak;
- kennis en begrip vir die beginsels van psigometriese evaluasie en die verskeidenheid instrumente wat geregistreerde psigometriste mag gebruik beide op internasionale en nasionale vlak om individue se vermoë, belangstelling, persoonlikheid en motivering, te evalueer;
- kennis en vaardighede om terugvoer te kan gee rakende individue se funksionering en verwysings opsies, te kan toepas;
- kennis en vaardighede om terugvoer aan individue te gee ten einde stimulering van groei te fasiliteer, te kan toepas;
- die etiek betrokke in die sielkundige evaluering van individue te ken en verstaan;
- die toepassing van kennis en vaardighede om tegnies betroubare toetse te gebruik, om die nodige voorbereiding te doen vir 'n toetssessie, om die toetse te administreer onder gestandaardiseerde omstandighede, dit na te sien, te analiseer en interpreteer en die terugvoer, te verskaf; en
- gebeurlikheid bestuursvaardighede om toetsverwante probleme te bestuur, te kan toepas.

| MODULEKODE: BSKP613 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ORGANISASIEGEDRAG** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- volledige en sistematiese kennis te dra van die wêreld van Organisasiegedrag en van diversiteitsbestuur, sowel as van die rol van individue, groepe en groepprosesse in Organisasiegedrag (leerdoelwitte vir elke hoofstuk);
- vaardighede te toon wat op ŉ ingeligte begrip van teorie en begrippe gegrond is, om uitdagings en vraagstukke wat oor die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rol van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiebeheer handel, te identifiseer (oefeninge); en
- oor die vermoë te beskik om ŉ literatuur- en omgewingsopname te onderneem, basiese verslag te lewer oor uitdagings en vraagstukke wat handel oor die wêreld van organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rol van individue en groepe en groepprosesse in Organisasiegedrag, individueel of as ŉ spanlid en om die verslag skriftelik asook mondeling oor te dra (werksopdragte).

| MODULEKODE: BSKP616 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: LOOPBAANSIELKUNDE** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student die volgende te ken en verstaan:

- die konsep loopbaan en die historiese wortels, aard en grondslae van loopbaansielkunde en hierdie kennis en begrip te kan toepas om die verhouding tussen loopbaansielkunde en die ander spesialisvelde van bedryfsielkunde te kan analiseer.
- die betekenis en funksies van werk en die verhouding tussen werk en ontspanning van die hedendaagse werker en die toepassing van hierdie kennis en begrip om insig te verkry oor die kontemporêre werk-etiek.
- die verskillende teorieë van loopbaankeuses en die aanpassing en gebruik van hierdie kennis om insig te verkry in die dinamika van en die verbetering van die eie en andere se beroeps-/ loopbaankeuses en -aanpassing.
- die dinamika van adolessente- en volwasse loopbaangedrag, -loopbaanontwikkeling en -loopbaanselfbestuur (insluitende dié van persone uit minderheidsgroepe en spesiale groepe, soos werkende vroue, asook werkers met gestremdhede) en die rol van die organisasie in hierdie verband en die toepassing van hierdie kennis en begrip om die eie en andere se toetrede in die wêreld van werk, sosialisering, innovering, stabilisering, middelloopbaan, laat-loopbaan en aanpassing by aftrede, te verbeter.
- die dinamika onderliggend aan die huidige loopbaankwessies en die toepassing van hierdie kennis en begrip in die hantering van die eie en andere se loopbaankwessies en -probleme.

| MODULEKODE: BSKP621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ORGANISASIE-ONTWIKKELING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student die volgende te ken en verstaan:

- die konsep, komponente en kenmerke van organisasie-ontwikkeling.
- toepassing van vaardighede om organisasiefunksionering en -verandering te verduidelik.
- die aard van huidige en toekomstige veranderinge wat moontlik op organisasies kan inwerk, asook die strategieë wat organisasies kan toepas om hierdie veranderinge onder die loep te neem.
- die rol van paradigmas in veranderingsbestuur.
- proseskonsultasie as ŉ organisasie-ontwikkelingsintervensie en pas proseskonsultasie-vaardighede toe tydens diagnosering en intervensies in organisasies.
- die toepassing van vaardighede met betrekking tot organisasiediagnose om probleme op te los en geleenthede in die organisasie te identifiseer.
- die toepassing van vaardighede om organisasie-ontwikkelingstrategieë te evalueer (op individuele, groeps- en organisasievlak) en om intervensies binne organisasies toe te pas.

| MODULEKODE: BSKP622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MENSEKAPASITEITSONTWIKKELING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student :

- die organisasie missie, -visie, -waardes en- strategiese doelwitte te verstaan en evalueer;
- mensehulpbronontwikkelingsaktiwiteite in te rig met in agneming van die nasionale opleidingstrategie;
- die eksterne en interne omgewingskragte wat 'n impak het op opleiding en ontwikkeling te analiseer;
- 'n Mensehulpbronontwikkelingsmissie, kernwaardes, en strategiese doelwitte (mensehulpbron-ontwikkelingsplan) wat in ooreenstemming is met die organisasie se strategie, te formuleer;
- die behoeftes van die kliënte van die Mensehulpbron-ontwikkelingsdepartement (bekwaamheid van die opleiding- en ontwikkelingskonsultant, vaardigheid-gebaseerde opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur, modelle vir die identifisering van opleiding- en ontwikkelingsbehoeftes), te ondersoek en kennis daaroor te verkry;
- die toepassing van kennis en vaardighede oor psigologiese sterktes om individue te assesseer en die opstel van selfontwikkelingsprogramme vir werknemers op verskillende vlakke in 'n organisasie;
- opleidingstrategieë te ontwerp en implementeer om die gaping tussen die behoeftes en die werklike bekwaamheid te oorkom;
- verskillende evalueringstrategieë te verstaan en implementeer; en
- die vaardighede verbonde aan die verskillende rolle van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant te verstaan en uit te beeld.

| MODULEKODE: BSKP623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSVERSLAG** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- bedryfsielkunde-literatuur te evalueer en te integreer om navorsingsgeleenthede en oplossings vir probleme te kan identifiseer; en
- kennis en vaardighede toe te pas om 'n wetenskaplike, empiriese navorsingsprojek van 'n beperkte omvang te onderneem, geldige gevolgtrekkings te maak en relevante aanbevelings te maak.

**Assesseringsmetodes:** Navorsingsverslag: gewig – 100

| MODULEKODE: BSKP626 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: WERKNEMERSWELSTAND** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- oor 'n omvattende, diepgaande, sistematiese en 'n geïntegreerde kennis en 'n koherente en 'n kritiese begrip van die beginsels en die teoretiese onderbou van die aard en die ekonomiese lewensvatbaarheid, onderliggende uitgangspunte, wetlike drywers en funksionele pilare/komponente van werknemerwelstand en werknemer-gesondheid- en -welstandsprogramme in organisasies beskik en dit te kan toepas op 'n analise en evaluering van die fisiese, emosionele, geestelike, beroeps- en sosiale komponente daarvan ten einde risiko-assessering binne 'n organisasie uit te voer deur die gebruik van die basiese beginsels van 'n geïntegreerde model van werknemerwelstand wat uit die literatuur begrond kan word op grond van die evaluering van verskillende teorieë en modelle van werknemerwelstand en van die gebruik van 'n verskeidenheid van kwalitatiewe en kwantitatiewe tegnieke en instrumente ten einde die onderliggende prosesse in 'n verskeidenheid van situasies/organisasies te identifiseer en te evalueer, 'n verskeidenheid van wyses/intervensies (primêr, sekondêr en tersiêr) kan gebruik om gesondheid by die werksplek te bevorder, 'n veilige, risikovrye werksomgewing te handhaaf, en werknemerwelstand by die werksplek te verbeter sodat die bestuur van 'n organisasie oortuig kan word van die noodsaaklikheid van die implementering van 'n werknemerwelstandsprogram;
- die proses van strategiese beplanning en bestuur van 'n werknemer-gesondheid en -welstandfunksie in 'n organisasie te kan verduidelik en 'n beleid oor werknemer-gesondheid- en -welstand vir 'n spesifieke organisasie te kan skryf;
- relevante literatuur te kan opspoor, interpreteer, integreer en gebruik om met behulp van 'n verskeidenheid relevante navorsingsmetodes en -tegnieke komplekse en reële werknemerwelstandsprobleme en -vraagstukke na te vors en die resultate skriftelik en mondeling met gebruikmaking van 'n verskeidenheid van informasie-tegnologiese en ander hulpmiddels (soos 'n verslag, 'n referaat, of 'n "PowerPoint"-aanbieding) aan 'n gehoor te kommunikeer; en
- 'n diepgaande kennis en begrip te toon van die etiese beginsels en riglyne van toepassing op werknemer-gesondheid- en -welstandbeamptes deur die demonstrering van die kapasiteit om leer-take op 'n outonome, professionele en waardegedrewe wyse te kan hanteer en deur die demonstrering van die nodige kennis, vaardighede en houdings wat vereis word ten einde effektief te funksioneer in interpersoonlike verhoudinge, beide binne groep- en individuele situasies, asook die kennis, disposisies, vaardigheid, houdings en gedrag wat van 'n persoon vereis word ten einde 'n effektiewe en doeltreffende werknemer-gesondheid- en -welstandskenner te word.

| MODULEKODE: BSKP627 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: GEVORDERDE PRAKTIESE WERK | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- die verskillende maniere te ken, verstaan en toe te pas om mense in die werksplek te beraad. In staat wees om mense te verwys na ander kundiges wanneer nodig. Die toepassing van kennis en vaardighede om mense wat aftree te beraad. Die toepassing van kennis en vaardighede om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer. Die toepassing van vaardighede om persone in nood te kan beraad (bv. tydens organisasietransformasie, afdankings en ander krisisse). Pas kennis en vaardighede toe om loopbaanbeplanning- en lewensvaardighede-werkswinkels vir studente en volwassenes in die werksplek te evalueer, aan te bied en te ontwerp. Is in staat om op ŉ praktiese wyse te bepaal: watter betekenisse werk vir die moderne mens inhou, hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word, watter loopbaantake in die verskillende loopbaanfases uitgevoer behoort te word (in ooreenstemming met die besondere loopbaankwessies wat ter sprake is), en watter leerervaringe opgedoen word by die fasilitering van beroepsaanpassing. Pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer. Pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die uiteenlopende kliëntebevolking op wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word. Pas kennis en vaardighede toe om poste ooreenkomstig spesifieke kriteria te ontleed en saam te stel. Ken en verstaan ŉ posevalueringstelsel en die voorwaardes wat noodsaaklik is vir die doeltreffende implementering daarvan. Maak deel uit van ŉ paneel wat hierdie poste evalueer – hierdie poste moet korrek ontleed en gegradeer word. Ontwerp ŉ vergoedingstelsel wat op prestasie gebaseer is. Stel bevoegdheidsprofiele saam van verskillende poste op verskillende vlakke. Stel ŉ werwingsadvertensie vir ŉ spesifieke pos saam. Ontwerp ŉ inlywingsprogram vir nuwe werknemers – bied die program aan en evalueer dit. Ontwerp ŉ gestruktureerde onderhoud vir ŉ spesifieke pos, lei die lynbestuurders en onderhoudkandidate op wetenskaplike en regverdige wyse op. Toon bevoegdheid ten opsigte van personeeladministrasie. Pas vaardighede toe om ŉ wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te waarborg. Ondersteun en help met die ontwikkeling van ŉ regstellende-aksieprogram in die werkkonteks. Ontwerp ŉ opleidingsprogram vir lynbestuurders – bied die program aan en evalueer dit. Voer ŉ organisasie-diagnose in ŉ organisasie uit ooreenkomstig die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse – skryf ŉ verslag en lewer ŉ voordrag oor die diagnose. Bied ŉ self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van ŉ organisasie aan en help die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer. Doen aanbevelings met betrekking tot organisasiesosialiseringsmeganismes wat toegepas kan word om organisasiedoeltreffendheid te verseker. Fasiliteer strategiesebeplanning-sessies en skryf ŉ verslag oor die sessies. Keur, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies. Bied ŉ diversiteitopleidingsprogram aan en evalueer dit. Onderneem leierskapontwikkeling ooreenkomstig die voorgeskrewe riglyne. Identifiseer die lewensiklus van ŉ organisasie ooreenkomstig die korrekte maatreëls en doen aanbevelings ten opsigte van hoe die doeltreffendheid van die organisasie verbeter kan word.
- identifiseer die verskillende simptome van die verskillende vorme van psigopatologie in die werkskonteks en wees in staat om dit te kan diagnoseer volgens 'n internasionaal-geskikte model (bv. DSM IV). Verstaan die psigodinamika onderliggend aan psigopatologie. Die toepassing van kennis en vaardighede om etiese kwessies en regverdigheid in die gebruik van psigometriese assesseringsinstrumente te verseker. Die toepassing van psigometriese kennis en vaardighede om 'n diagnose, prognose en voorspelling van werksverwante gedrag te kan maak. Gebruik toetse en vraelyste op 'n professionele en etiese manier deur goeie toetspraktyke te volg. Die toepassing van kontekstuele kennis en vaardighede om te verseker dat die diverse kliënte-populasies op 'n wetenskaplike en regverdige manier geëvalueer word. Die toepassing van kennis en vaardighede om terugvoer te verskaf aan individue en groei te stimuleer. Maak gebruik van tegnies-betroubare toetse en vraelyste, doen die nodige voorbereidings vir 'n toetssessie, pas die toetse en vraelyste toe onder gestandaardiseerde omstandighede, en sien dit na, analiseer die resultate en interpreteer die resultate volgens die voorgestelde prosedures en verskaf terugvoer. Die toepassing van kontingente bestuursvaardighede om toetsverwante probleme te kan hanteer. Gebruik verskeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en stel korrigerende aksies voor – gebruik die aksie-navorsingsmodel effektief.

| MODULEKODE: BSKP628 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: PRAKTIESE WERK | | | |

- die student moet die verskillende maniere ken, verstaan en toepas om mense in die werksplek te beraad. In staat wees om mense te verwys na ander kundiges wanneer nodig. Die toepassing van kennis en vaardighede om mense wat aftree te beraad. Die toepassing van kennis en vaardighede om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer. Die toepassing

van vaardighede om persone in nood te kan beraad (bv. tydens organisasietransformasie, afdankings en ander krisisse).

- pas kennis en vaardighede toe om loopbaanbeplanning- en lewensvaardighede-werkswinkels vir studente en volwassenes in die werksplek te evalueer, aan te bied en te ontwerp. Is in staat om op ŉ praktiese wyse te bepaal: watter betekenisse werk vir die moderne mens inhou, hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word, watter loopbaantake in die verskillende loopbaanfases uitgevoer behoort te word (in ooreenstemming met die besondere loopbaankwessies wat ter sprake is, en watter leerervaringe opgedoen word by die fasilitering van beroepsaanpassing.
- pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer.
- pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die uiteenlopende kliëntebevolking op ’n wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word.
- pas kennis en vaardighede toe om poste ooreenkomstig spesifieke kriteria te ontleed en saam te stel.
- ken en verstaan ŉ posevalueringstelsel en die voorwaardes wat noodsaaklik is vir die doeltreffende implementering daarvan.
- maak deel uit van ŉ paneel wat hierdie poste evalueer – hierdie poste moet korrek ontleed en gegradeer word.
- ontwerp ŉ vergoedingstelsel wat op prestasie gebaseer is.
- stel bevoegdheidsprofiele saam van verskillende poste op verskillende vlakke.
- stel ŉ werwingsadvertensie vir ŉ spesifieke pos saam.
- ontwerp ŉ inlywingsprogram vir nuwe werknemers – bied die program aan en evalueer dit.
- ontwerp ŉ gestruktureerde onderhoud vir ŉ spesifieke pos, lei die lynbestuurders en onderhoudkandidate op wetenskaplike en regverdige wyse op.
- toon bevoegdheid ten opsigte van personeeladministrasie.
- Pas vaardighede toe om ŉ wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te waarborg.
- ondersteun en help met die ontwikkeling van ŉ regstellende-aksieprogram in die werkkonteks.
- ontwerp ŉ opleidingsprogram vir lynbestuurders – bied die program aan en evalueer dit.
- voer ŉ organisasie-diagnose in ŉ organisasie uit ooreenkomstig die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse – skryf ŉ verslag en lewer ŉ voordrag oor die diagnose.
- bied ŉ self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van ŉ organisasie aan en help die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer.
- doen aanbevelings met betrekking tot organisasiesosialiseringsmeganismes wat toegepas kan word om organisasiedoeltreffendheid te verseker.
- benut ’n verskeidenheid instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en doen aanbevelings ten opsigte van die korrekte optrede in hierdie verband.
- fasiliteer strategiesebeplanning-sessies en skryf ŉ verslag oor die sessies.
- keur, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies.
- bied ŉ diversiteitopleidingsprogram aan en evalueer dit.
- onderneem leierskapontwikkeling ooreenkomstig die voorgeskrewe riglyne.
- identifiseer die lewensiklus van ŉ organisasie ooreenkomstig die korrekte maatreëls en doen aanbevelings ten opsigte van hoe die doeltreffendheid van die organisasie verbeter kan word

| **MODULEKODE: BSKP631** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 8** |
|---|---|---|---|
| **TITEL: FASILITERING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- ŉ grondige kennis te hê van die beginsels, teorie en funksionering van ŉ geskikte fasiliteringsmodel. Die toepassing van kennis deur die analisering en evaluering van sielkundige probleme, soos emosionele aspekte, kan parafraseer en opheldering deur van die model gebruik te maak en fasiliteringsvaardighede in die toepassing van ŉ effektiewe probleemoplossingsmodel sowel as die identifisering van relevante fasiliteringsstrategieë as deel van die bevordering van ŉ geïntegreerde strategiese plan wat wel-wees bevorder binne ŉ organisasie en oplossings genereer vir probleme gebaseer op bewys-gerigte argumente.

| **MODULEKODE: BSKP671** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 16** |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MENSEHULPBRONBESTUURSTRATEGIEË** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te ken en te verstaan:

- die omvang, werklikhede en verwikkeldhede van personeelsielkunde en strategiese mensehulpbronbestuur, die verhouding tussen hierdie studiegebied en die ander spesialisgebiede binne bedryfsielkunde, asook die toepassing van hierdie kennis en begrip met betrekking tot die oplos van ingewikkelde mensehulpbronbestuur-vraagstukke om ŉ bydra te lewer tot die

eindbestemming van enige organisasie.

- die aard van die nuttigheidsteorie ("utility theory") en die stelselteorie vir personeelsielkunde/strategiese mensehulpbronbestuur en -beplanning, keuring van bestuurspersoneel (met assesseringsentra as keurings- en ontwikkelingsinstrument), strategiese voorsiening van personeel, strategiese prestasie-evaluering, -bestuur en -vergoeding, die evaluering van personeel-/mensehulpbronbestuur-aktiwiteite/-funksies en die bestuur van die personeel-/mensehulpbronfunksie.
- die komponente van ŉ strategiese benadering tot mensehulpbronbeplanning.
- die veranderlikes en veranderende neiging op globale vlak wat op mensehulpbronbestuur in Suid-Afrika inwerk.
- die neigings en veranderlikes binne die breë Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese omgewing wat implikasies inhou vir die bestuur van mense wat in Suid-Afrikaanse organisasies werk.
- die huidige stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie (teenoor internasionale standaarde) en hoe dit verband hou met mensehulpbronbestuur.
- ŉ begrip van die uitwerking en effek van die internasionale ekonomie op Suid-Afrikaanse organisasies.
- die dinamiek van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.
- die toepassing van omgewingstendense om mensehulpbronprobleme en geleenthede te verstaan, te voorspel en te bestuur.

| MODULEKODE: ECON610 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BELEGGINGSBESTUUR** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om met behulp van die volgende kennis 'n gestruktureerde proses vir 'n beleggingsbestuursfirma te ontwerp of te ontwikkel:

- bo-na-onder-aspekte van portefeuljebestuur
- batetoewysing
- risiko-assessering en risikobestuur
- aandele-ontleding
- staats-, korporatiewe en inflasiebeskermde effekte in portefeuljebestuur
- industrie-ontleding
- stylontleding
- belastingdoeltreffende investering
- verhandeling
- maatskaplik verantwoordelike investering en korporatiewe betrokkenheid
- alternatiewe beleggings
- verskansingsfondsstrategieë

| MODULEKODE: ECON611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MIKRO-EKONOMIE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- mikro-ekonomiese probleme op te los met behulp van logiese en kwantitatiewe vaardighede;
- krities en analities oor werklikheidskwessies te dink en om 'n reeks mikro-ekonomiese beleidskwessies krities te ontleed;
- mikro-ekonomiese argumente en bewyse te evalueer; en
- mikro-ekonomiese argumente mondeling en skriftelik aan te bied.

| MODULEKODE: ECON612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MAKRO-EKONOMIE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:

- om 'n deeglike begrip van die funksionering van die Makro-ekonomie oor sowel die lang- as die kort-termyn te demonstreer;
- om die vermoë te demonstreer om makro-ekonomiese probleme soos groei, inflasie en werkloosheid te ontleed en daarvan werk te maak deur middel van verskillende analitiese metodes; en
- om u kennis van die verskillende gesigspunte oor die onderlinge verbande en interafhanklikhede in die ekonomie as geheel aan te wend om makro-ekonomiese beleidsaanbevelings in die Suid-Afrikaanse konteks te evalueer.

| MODULEKODE: ECON614 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: ONTWIKKELINGSEKONOMIE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- ’n deeglike kennis van die beginsels en toepassing van ekonomiese ontwikkeling te demonstreer;
- op intelligente wyse as ’n ekonoom aan die ontwikkelingsdebat deel te neem;
- die onderling verbonde aspekte en toepassings van ekonomiese ontwikkeling binne die teoretiese raamwerk te vertolk, begryp en uit te druk;
- begrip te hê van die praktiese omstandighede in minder ontwikkelde lande (MOL’e);
- konsekwente ekonomiese beleidsadvies wat ’n verskil kan maak aan die ekonomiese probleme van minder ontwikkelde lande, veral Afrikalande suid van die Sahara, met inbegrip van Suid-Afrika, te formuleer;
- die opstelling van sosio-ekonomiese ontledings van ’n gebied en die skryf van verslae, met inbegrip van die toepassing van regressie-ontledings en ander tegnieke wat in ander verwante dissiplines bestudeer is, om verskillende aspekte van ekonomiese ontwikkelingsverskynsels toe te pas en te verduidelik; en
- voorstelling van ’n ekonomiese beleidraamwerk.

| MODULEKODE: ECON615 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: AFGELEIDE INSTRUMENTE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeleide instrumente van CBOT, LME, SAFEX en verwante markte, aan te wend in die oplossing van risikobestuur-scenario’s; en
- praktiese kennis van maniere waarop die prysrisiko’s van:
    - plastiek,
    - geselekteerde metale,
    - goud,
    - mielies, koring, sonneblom,
    - aandele op die JSE,
    - effekte,
    - rentekoerse en
    - buitelandse valuta met afgeleide instrumente verskans word, te demonstreer.

| MODULEKODE: ECON617 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: EKONOMETRIE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van tydreeks-regressie-modelle en spesifikasietoetsing van die resultate te demonstreer;
- as individu en/of as deel van ’n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om tydreeks-regressiemodelle met EViews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit, outokorrelasie en koïntegrasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van Ekonomiese ontledings; en
- die vermoë te demonstreer om ’n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, tydreeks- ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in ’n eties gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in ’n verslag / artikel van 20 bladsye.

| MODULEKODE: ECON618 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: NAVORSINGSMETODES | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses, die opstel van vraelyste, die uitvoering van opnames en die ontleding van opname-data te demonstreer;
- as individu en/of as deel van ’n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om ’n navorsingsprojek te beplan, ’n vraelys te ontwerp, ’n aanvoorstudie te onderneem, die resultate met behulp van SPSS te ontleed en hulle te verbrei; en
- die vermoë te demonstreer om ’n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in ’n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van ’n projekverslag / artikel van 20 bladsye.

| MODULEKODE: ECON621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: INTERNASIONALE HANDELSBETREKKINGE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van die veranderende wêreldekonomie en die faktore wat internasionale mededingendheid beïnvloed, te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om die onderliggende oorsake van ekonomiese welsyn te evalueer soos weerspieël in 'n land se ekonomiese groei en ontwikkeling, asook die rol van die betalingsbalans en ander geselekteerde aanwysers in die beklemtoning van 'n land se algemene ekonomiese prestasie en potensiaal;
- as individu en/of as deel van 'n groep die makro-ekonomiese beleid te analiseer wat 'n land se nasionale owerhede implementeer om besparings en beleggings te maksimaliseer, inflasie en geldeenheidfluktuasies te beheer en 'n land se mededingendheid te verhoog;
- afgeronde en sistematiese kennis van die samestelling van die internasionale monetêre stelsel te demonstreer; en
- as individu en/of as deel van 'n groep die ekonomiese gebeure en besluite – sowel plaaslik as internasionaal – te analiseer wat SA se besigheidsomgewing die afgelope jare help vorm het.

| MODULEKODE: ECON622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: MONETÊRE EN FISKALE BELEID | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van heersende fiskale en monetêre beleidskwessies in die Suid-Afrikaanse konteks te demonstreer;
- as 'n individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om heersende beleidskwessies (bv. fiskale reëls of monetêre teikens) te identifiseer en toepaslike beleidsoptrede aan te beveel; en
- die bekwaamheid te demonstreer om verskillende vorme van owerheidsinmenging in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings te kommunikeer met behulp van die toepaslike IT.

| MODULEKODE: ECON623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: RISIKOBESTUUR | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- 'n deeglike kennis van bankrisikobestuur en -regulering te demonstreer met die fokus op die strategiese risikobestuurstrategieë en minder op die werklike risikometing te hê;
- 'n dieptekennis van Basel II te demonstreer;
- strategiese risikobestuur en die rol van die ALCO te bespreek; en
- die bestuur van:
- rentekoersrisiko,
- likiditeitsrisiko,
- kredietrisiko,
- markrisiko,
- operasionele risiko en
- buitelandse valuta-risiko in banke in skriftelike verslae te beskryf.

| MODULEKODE: ECON624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: EKONOMIESE-MODELLERING | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van algemene ewewig en makro-ekonometriese modelle en hul toepassing om "sê nou"-vrae in Ekonomie te beantwoord;
- as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n 1-2-3-algemene ewewigsmodel (in Excel) en 'n makro-ekonometriese model (in EViews) te bou en 'n simulasie daarvan te laat loop; en
- die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, 'n klein algemene ewewigsmodel of makro-ekonometriese model te gebruik om die skok te simuleer, resultate te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n projekverslag / artikel van 20 bladsye.

| MODULEKODE: HRMA612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING, WERWING, KEURING EN PLASING | | |

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan die beginsels van psigometriese evaluering.
- Ken en verstaan die verantwoordelikhede van assesseringspraktisyne.
- Weet watter toetse geregistreerde psigometriste mag gebruik binne die werks- en onderrigkontekste

op nasionale en internasionale vlak.
- Ken en verstaan die etiek betrokke in die psigologiese evaluering van individue.
- Ken en verstaan die doelwitte van regverdige en etiese keuring in assesseringspraktyke.
- Verstaan die faktore wat kandidate se persepsies van regverdige en etiese keuring en assesseringspraktyke beïnvloed.
- Ken en verstaan die rol van relevante wetgewing.
- Die vermoë om die rol van psigometriese toetse as deel van die keuringsproses te kan definieer.
- Die vermoë om die volledige werwingsproses te kan bestuur.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: HRMA621** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** |
| --- | --- | --- |
| **TITEL: PRAKTIESE WERK** | | |

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan hoe om verskillende wyses van berading van individue in die werkplek (vir verskillende redes, insluitend aftrede, organisasie-transformasie, afdankings en ander krisisse) toe te pas en hoe om hierdie individue na die toepaslike professionele persoon, waar toepaslik, te verwys.
- Ken en verstaan hoe om kennis en vaardighede toe te pas om loopbaanbeplanningswerkswinkels en lewensvaardighede-werkswinkels aan studente en volwassenes in die werkplek te evalueer, voor te lê en te ontwikkel; om te weet en te verstaan hoe om die betekenis(se) wat werk en om te werk hou vir die moderne persoon prakties te bepaal; hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word; welke loopbaantake uitgevoer behoort te word in die verskillende loopbaanfases (ten opsigte van die spesifieke loopbaansake wat vorendag kom); en welke leerervaringe betrokke is wanneer beroepsaanpassings gefasiliteer word.
- Pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werkplek te ondersoek en te fasiliteer.
- Pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die diverse kliënte-bevolking op ’n wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word.
- Pas kennis en vaardighede toe om poste volgens spesifieke kriteria te analiseer en saam te stel.
- Ken en verstaan ’n pos-evalueringstelsel sowel as die voorwaardes benodig vir sy effektiewe implementering.
- Maak deel uit van ’n paneel wat poste evalueer; die korrekte analise en gradering van hierdie poste.
- Ontwikkel ’n vergoedingstelsel gebaseer op prestasie.
- Stel bevoegdheidsprofiele van verskillende poste op verskillende vlakke op.
- Stel ’n werwingsadvertensie vir ’n spesifieke pos saam.
- Ontwikkel ’n induksie-program vir nuwe werknemers; lewer die program en evalueer dit.
- Ontwikkel ’n gestruktureerde onderhoud vir ’n spesifieke pos, lei die lynbestuurders op en voer onderhoude met die kandidate op ’n wetenskaplike en regverdige wyse.
- Toon bevoegdheid in personeeladministrasie.
- Pas vaardighede toe om ’n wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te verseker.
- Ondersteun en verleen hulp in ontwikkeling van ’n regstellende aksie-program binne die werkskonteks.
- Ontwikkel ’n opleidingsprogram vir lynbestuurders en lê die program voor en evalueer dit.
- Voer ’n organisasiediagnose binne ’n organisasie uit volgens die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse; skryf ’n verslag en lê ’n voorlegging voor rakende die diagnose.
- Lê ’n self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van ’n organisasie voor en verleen hulp aan die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer.
- Maak aanbevelings ten opsigte van organisatoriese sosialiseringsmeganismes wat gebruik kan word of organisasie-doeltreffendheid te verseker.
- Maak gebruik van verkeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en maak aanbevelings rakende korrektiewe aksies.
- Fasiliteer ’n strategiese beplanningsessie en skryf ’n verslag oor die sessie.
- Selekteer, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies.
- Lê ’n diversiteitsopleidingsprogram voor en evalueer dit.
- Onderneem leierskapsontwikkeling volgens die voorgeskrewe riglyne.
- Identifiseer die lewensiklus van ’n organisasie volgens die korrekte maatstawwe en maak aanbevelings oor hoe die effektiwiteit van die organisasie verbeter kan word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: HRMA622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: MENSEKAPASITEITSONTWIKKELING** | | |

**Module-uitkomste:**

- Verstaan en evalueer die organisasie se visie, waardes en strategiese doelwitte.
- Rig mensehulpbronontwikkelingsaktiwiteite met inagneming van die nasionale opleidingstrategie.
- Analiseer die eksterne en interne kragte wat 'n impak op opleiding en ontwikkeling het.
- Formuleer 'n Mensehulpbronontwikkelingsmissie, hoof waardes en strategiese doelwitte (mensehulpbronontwikkelingsplan) wat korreleer met die organisasie se strategie.
- Ondersoek en verkry kennis aangaande die behoeftes van kliënte van die mensehulpbronontwikkelingsdepartement (vermoëns van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant, bevoegdheid-gebaseerde opleiding en ontwikkeling, prestasie-meting, modelle van identifisering, opleiding en ontwikkelingsbehoeftes).
- Die toepassing van kennis en vaardighede oor sielkundige sterkpunte om individue te evalueer en die skep van self-ontwikkelingsprogramme vir werknemers op verskillende vlakke van 'n onderneming.
- Ontwerp en implementeer opleidingstrategieë om die gaping tussen opleidingsbehoeftes en werklike werkvermoë toe te maak.
- Verstaan en implementeer verskillende evaluasiestrategieë.
- Verstaan en skets die verskillende rolle van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: HRMA623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: MENSEHULPBRONBESTUURSTRATEGIEË** | | |

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan die omvang, realiteite en kompleksiteite van personeelsielkunde en strategiese mensehulpbronbestuur, die verhouding tussen hierdie studie-area en die ander spesialis-velde binne bedryfsielkunde, sowel as die toepassing van hierdie kennis en begrip in terme van die oplos van komplekse mensehulpbronbestuursaspekte om sodoende by te dra tot die essensie van enige organisasie.
- Ken en verstaan die aard van die gebruik van teorie en die stelselsteorie vir personeelsielkunde / strategiese mensehulpbronbestuur en beplanning, keuring van bestuurspersoneel (met assesseringsentra as keurings- en ontwikkelingsinstrument), strategiese lewering van personeel, strategiese prestasie-evaluasie, strategiese prestasie-bestuur en beloning, evaluering van personeel-/mensehulpbronbestuursaktiwiteite/-funksies en die bestuur van die personeel/mensehulpbronfunksie.
- Verstaan die komponente van 'n strategiese benadering tot mensehulpbronbeplanning.
- Ken en verstaan die veranderlikes en veranderende tendense op 'n globale vlak wat mensehulpbronbestuur in Suid-Afrika affekteer.
- Verduidelik die tendense en veranderlikes binne die breë Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese omgewing wat implikasies inhou vir die bestuur van mense wat binne Suid-Afrikaanse organisasies werk.
- Verduidelik die huidige status van die Suid-Afrikaanse ekonomie (in vergelyking met internasionale standaarde) en hoe dit verband hou met mensehulpbronbestuur.
- Toon 'n begrip van die impak en effek van die internasionale ekonomie op Suid-Afrikaanse organisasies.
- Verstaan die dinamiek van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.
- Pas kennis toe rakende omgewingstendense om mensehulpbronprobleme en -geleenthede te verstaan, te voorspel en te bestuur.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: HRMA 871 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 9 |
|---|---|---|
| **TITEL: MINI-SKRIPSIE** | | |

**Module-uitkomste:**

- Evalueer en integreer mensehulpbronliteratuur om navorsingsgeleenthede en oplossings tot probleme te identifiseer;
- Pas kennis en vaardighede toe om wetenskaplike empiriese navorsing van beperkte omvang te onderneem, maak geldige gevolgtrekkings en stel relevante aanbevelings voor.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word

| MODULEKODE: HRMA 872 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 9 |
|---|---|---|

**TITEL: WETENSKAPBEREDENERING**

**Module-uitkomste:**

- Om die leerder vertroud te maak met die dimensies en metodes van psigologiese navorsing;
- Om die leerder te oriënteer om 'n ingeligte keuse vanuit die groot aantal alternatiewe metodes en eksperimentele ontwerpe beskikbaar, te maak;
- Om dit vir die leerder moontlik te maak om 'n goeie navorsingsvoorstel voor te lê (e.g. sy/haar moontlike tesis/skripsie);
- Om die leerder te bemagtig met die kennis en vaardighede wat hulle benodig om 'n navorsingsprojek te onderneem, om 'n konferensievoordrag te lewer en om 'n wetenskaplike artikel te skryf.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word

| MODULEKODE: HRMA 873 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 9 |
|---|---|---|

**TITEL: MENSONTWIKKELING**

**Module-uitkomste:**

Gedurende hierdie module poog ons om 'n deeglike analise te doen van die rol en funksie van opleiding en ontwikkeling binne die Suid-Afrikaanse konteks. Na hierdie module voltooi is, moet die student die rol wat die opleidings- en ontwikkelingsdepartement speel om die doelwitte van 'n organisasie te bereik, krities kan bespreek. Dit is belangrik dat studente die nodig insig openbaar om hul eie opinies ten opsigte van opleiding en ontwikkeling te vorm.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word

| MODULEKODE: IOPS611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|

**TITEL: PSIGOMETRIKA**

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan die aspekte (e.g. etiek en regverdigheid) betrokke in psigometriese toetsing van mensehulpbronne.
- Maak gebruik van die onderliggende beginsels van ontwikkeling, evaluering en toepassing van psigometriese meetinstrumente wat gebruik word in die werkplek vir diagnoses, prognoses en voorspelling van werkverwante gedrag.
- Ken en verstaan psigometrie, toetsing en assessering wat die toetsproses vorm en ondersteun.
- Maak gebruik van toetsing in 'n professionele en etiese wyse deur gebruik te maak van goeie toetspraktyke.
- Die toepassing van kontekstuele kennis en vaardighede (relatief tot diverse kliënte-populasies wat geëvalueer kan word).

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: IOPS612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|

**TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING & FORENSIESE SIELKUNDE**

**Module-uitkomste:**

**Psigologiese assessering**

- Weet welke toetse geregistreerde psigometriste in die werks- en onderrigkontekste op nasionale en internasionale vlak mag gebruik.
- Ken en verstaan die beginsels van psigometriese evaluering.
- Ken en verstaan die verskeidenheid psigologiese toetse wat geregistreerde psigometriste op nasionale en internasionale vlak mag gebruik om 'n individu se vermoëns, persoonlikheid, belangstellings en motivering te meet.
- Die toepassing van kennis en vaardighede om sodoende terugvoer te gee ten opsigte van 'n individu se funksionering, deur behandeling en/of verwysingsopsies aan te dui.
- Die toepassing van kennis en vaardighede om sodoende terugvoer te gee aan individue en om groei te stimuleer.
- Ken en verstaan die etiek betrokke in die psigologiese evaluering van individue.
- Die toepassing van kennis en vaardighede om gebruik te maak van tegnies-betroubare toetse, om die nodige voorbereiding vir 'n toetssessie te doen, om toetse te administreer in gestandaardiseerde omstandighede, om die toets na te sien, te analiseer en te interpreteer en om terugvoer te verskaf.
- Die toepassing van gebeurlike bestuursvaardighede om toetsverwante probleme te hanteer.

**Forensiese sielkunde**

- Om kennis te toon oor die praktyk van die forensiese bedryfsielkundige as 'n kundigheidsveld.
- Om kennis en insig te toon oor die biologie van breinfunksionering om verstandelike bevoegdheid te assesseer en te voorspel.
- Ken en verstaan regsprosesse en die regstelsel in Suid-Afrika met 'n klem op siviele prosesreg en die regspraak van howe en hofreëls.
- Om forensiese verslae saam te stel na kundige inligting in gegewe gevallestudies geanaliseer is.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: IOPS613** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|
| **TITEL: ORGANISASIEGEDRAG** | | |

**Module-uitkomste:**

- Besit 'n volledige en stelselmatige kennis van die wêreld van Organisasiegedrag en van diversiteitsbestuur, en van die rol van individue, groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag (leerdoelwitte vir elke hoofstuk).
- Toon vaardighede gebaseer op 'n ingeligte begrip van teorieë en konsepte, om uitdagings en aspekte te identifiseer wat te doen het met die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rolle van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag (oefeninge).
- Besit die vermoë om 'n literatuur- en omgewingsoorsig te onderneem, 'n basiese verslag oor uitdagings en aspekte in die hantering van die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rolle van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag saam te stel, individueel of as lid van 'n span, en om die verslag skriftelik sowel as verbaal te kommunikeer (opdragte).

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: IOPS614** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE** | | |

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan die dimensies van sosiale wetenskappe-navorsing en die toepassing van 'n geïntegreerde model van wetenskaplike navorsing in bedryfsielkundige navorsing.
- Ken en verstaan paradigma-perspektiewe en identifiseer sentrale aspekte binne die verskillende paradigmas.
- Ken en verstaan die fokusareas van navorsing aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
- Ken die navorsingsinstrumente en pas hulle toe.
- Ken die komponente van navorsingsprobleme en wees in staat om 'n probleemstelling te formuleer en om die kennis en vaardighede toe te pas om sodoende 'n verwysingslys volgens die APA-riglyne te ontwikkel.
- Formuleer riglyne om etiese psigologiese navorsing te verseker.
- Ken die komponente van 'n navorsingsvoorstel en wees in staat om 'n navorsingsvoorstel te skryf.
- Ken en verstaan die verskillende vorms navorsing en demonstreer hoe geldige gevolgtrekkings gepromoveer kan word.
- Evalueer die verskillende proefsteekmetodes sowel as faktore wat die proefsteekmonstergrootte beïnvloed.
- Evalueer die verskillende navorsingsontwerpe, toon hoe vooroordeel in die ontwerp beheer kan word. demonstreer kennis rakende die keuse en/of ontwikkeling van meetinstrumente en beskryf hoe resultate voorgelê of geïnterpreteer kan word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: IOPS615** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|
| **TITEL: LOOPBAANSIELKUNDE** | | |

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan die konsep **loopbaan** en die historiese onderbou, aard en basisse van loopbaansielkunde en pas hierdie kennis en begrip toe om die verhouding tussen loopbaansielkunde en ander spesialis-velde van bedryfsielkunde te analiseer.
- Ken en verstaan die betekenis en funksies van werk en die verhouding tussen werk en ontspanning van die hedendaagse werknemer en die toepassing van hierdie kennis en begrip om insig te bekom ten opsigte van die kontemporêre werksetiek.
- Ken en verstaan die verskillende teorieë van loopbaankeuse en aanpassing en pas hierdie kennis en begrip toe om insig te verkry tot die dinamiek van die verbetering van die eie en ander se werks-

| | | |
|---|---|---|
| /loopbaankeuses en aanpassing.<br>• Ken en verstaan die dinamiek van adolessente en volwasse loopbaangedrag, loopbaanontwikkeling en loopbaan selfbestuur (insluitend dié van persone vanuit minderheidsgroepe en spesiale groepe, soos werkende vroue en werknemers met gestremdhede) en die rol van die organisasie in hierdie verband en die toepassing van hierdie kennis en insig om die eie en ander se toetrede tot die werkswêreld. sosialisering, innovering, stabilisering, mid-loopbaan ervaring, laat-loopbaan ervarings en aanpassing tot aftrede te verbeter.<br>• Ken en verstaan die dinamiek onderliggende aan huidige loopbaanaspekte en die toepassing van hierdie kennis en begrip in die hantering van die eie en ander se loopbaanaspekte en -probleme. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word | | |
| **MODULEKODE: IOPS616** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
| **TITEL: WERKNEMERWELSTAND** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>• Verduidelik die verskuiwing in werknemergesondheid en -welstandsvoorsiening.<br>• Verduidelik en verstaan die holistiese model van werksverwante welstand.<br>• Verduidelik die filosofie van en verskuiwing na bestuurde welstandsorg.<br>• Pas kennis toe om welstand in die organisasie te bestuur.<br>• Lê werknemergesondheid en -welstand aan bestuur voor as besigheidsgeval. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word | | |
| **MODULEKODE: IOPS617** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
| **TITEL: ORGANISASIE-ONTWIKKELING** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>• Verstaan en evalueer die konsep, komponente en eienskappe van organisasie-ontwikkeling.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede om organisasie-funksionering en -veranderinge te verduidelik.<br>• Ken en verstaan die aard van huidige en toekomstige veranderinge wat ’n invloed op organisasies kan hê, sowel as die strategieë wat organisasies kan gebruik om hierdie veranderinge aan te spreek.<br>• Evalueer die rol van paradigmas in veranderingsbestuur.<br>• Ken en verstaan proseskonsultasie as ’n organisatoriese ontwikkelingsintervensie en pas proseskonsultasie-vaardighede in die diagnose en intervensie in organisasies toe.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede rakende organisasie-diagnoses om sodoende probleme aan te spreek en om geleenthede binne die organisasie te identifiseer.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede om organisasie-ontwikkelingstrategieë (op individuele, groeps-, en organisasievlak) te evalueer en binne organisasies in te gryp. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word | | |
| **MODULEKODE: IOPS618** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
| **TITEL: OUTENTIEKE HULPVERLENING** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>• Besit algehele kennis van die beginsels, teorie en funksionering van ’n toepaslike fasiliteringsmodel, om die kennis deur middel van die analise en evaluasie van sielkundige probleme soos emosionele aspekte toe te pas, en om in staat te wees om probleme te parafraseer en te verduidelik deur fasiliteringsvaardighede in die toepassing van effektiewe probleemoplossingsdoelwitte toe te pas, sowel as om relevante fasiliteringstrategieë te identifiseer wat in ’n strategiese plan geïntegreer kan word as deel van ’n welstand bevorderingsmodel van ’n organisasie en om oplossings tot probleme te genereer wat op beproefde argumente gebaseer is.<br>• Vind, interpreteer, integreer en gebruik relevante literatuur om sodoende relevante navorsingsmetodes en -tegnieke te gebruik om ’n wye verskeidenheid komplekse probleme en aspekte na te vors, en om die resultaat skriftelik sowel as verbaal te kommunikeer deur middel van inligtingstegnologie.<br>• Om die beginsels geassosieer met hierdie module binne ’n etiese kognitiewe raamwerk toe te pas. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes: Die assesseringsmetodes en gewigte sal in studiegids en op Efundi aangedui word | | |

| MODULEKODE: IOPS622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSVERSLAG** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>• Evalueer en integreer bedryfsielkunde-literatuur om sodoende navorsingsgeleenthede te identifiseer en om met oplossings vir probleme vorendag te kom.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede om 'n wetenskaplike, empiriese navorsingsprojek van beperkte omvang uit te voer, waar geldige gevolgtrekkings en relevante aanbevelings gemaak kan word. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word | | |

| MODULEKODE: IOPS624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: GEVORDERDE PRAKTIESE WERK** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>• Ken verskillende wyses om berading aan mense in die werkplek te verleen, en pas dit toe.<br>• Wees in staat om mense na ander professionele persone te verwys, waar nodig.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede om aan mense wat aftree, berading te verskaf.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede om die aanpassing van werknemers in die werkplek te ondersoek en te fasiliteer.<br>• Die toepassing van vaardighede om aan mense met behoeftes (e.g. gedurende organisasietransformasie, afdankings en ander krisisse) te verskaf.<br>• Identifiseer die verskillende simptome van die verskillende vorms van psigopatologie binne die werkskonteks en wees in staat om hulle volgens die internasionale model (e.g. DSM IV) te diagnoseer.<br>• Verstaan die psigodinamiek onderliggend aan psigopatologie.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede om die toepassing van etiek en regverdigheid in die gebruik van psigometriese assesseringsinstrumente te verseker.<br>• Die toepassing van psigometriese kennis en vaardighede om 'n diagnose, prognose en voorspelling van werkverwante gedrag te maak.<br>• Maak gebruik van toetse en vraelyste in 'n professionele en etiese wyse deur goeie toetspraktyke te volg.<br>• Die toepassing van konseptuele kennis en vaardighede om te verseker dat die diverse kliënte-populasie wetenskaplik en regverdig geassesseer word.<br>• Die toepassing van kennis en vaardighede om terugvoer te verskaf aan individue en om groei te stimuleer.<br>• Maak gebruik van tegnies-betroubare toetse en vraelyste, doen die nodige voorbereidings vir die toets-sessie, pas die toetse en vraelyste toe onder gestandaardiseerde omstandighede, sien die toetse na, analiseer die resultate en interpreteer die resultate volgens die voorgeskrewe prosedures en verskaf terugvoer.<br>• Die toepassing van gebeurlike bestuursvaardighede om toets-verwante probleme te hanteer.<br>• Gebruik verskeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en stel korrektiewe aksies voor, en gebruik die aksie-navorsingsmodel effektief. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word | | |

| MODULEKODE: IOPS 871 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: MINI-SKRIPSIE** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>• Evalueer en integreer bedryfsielkunde-literatuur om navorsingsgeleenthede en oplossings tot probleme te identifiseer;<br>• Pas kennis en vaardighede toe om wetenskaplike empiriese navorsing van beperkte omvang te onderneem, om geldige gevolgtrekkings te maak en om relevante aanbevelings voor te stel | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word | | |

<table>
<tr><td>MODULEKODE: IOPS872</td><td>JAARMODULE</td><td>NKR-VLAK: 9</td></tr>
<tr><td colspan="3">TITEL: WETENSKAPBEREDENERING</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste:<br>• Om die leerder vertroud te maak met die dimensies en metodes van psigologiese navorsing;<br>• Om die leerder te oriënteer om ’n ingeligte keuse vanuit die groot aantal alternatiewe metodes en eksperimentele ontwerpe beskikbaar, te maak;<br>• Om dit vir die leerder moontlik te maak om ’n goeie navorsingsvoorstel voor te lê (e.g. sy/haar moontlike tesis/skripsie);<br>• Om die leerder te bemagtig met die kennis en vaardighede wat hulle benodig om ’n navorsingsprojek te onderneem, om ’n konferensievoordrag te lewer en om ’n wetenskaplike artikel te skryf.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: IOPS873</td><td>JAARMODULE</td><td>NKR-VLAK: 9</td></tr>
<tr><td colspan="3">TITEL: MENSONTWIKKELING</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste:<br>Gedurende hierdie module poog ons om ’n deeglike analise te doen van die rol en funksie van opleiding en ontwikkeling binne die Suid-Afrikaanse konteks. Na hierdie module voltooi is, moet die student die rol wat die opleidings- en ontwikkelingsdepartement speel om die doelwitte van ’n organisasie te bereik, krities kan bespreek. Dit is belangrik dat studente die nodige insig openbaar om hul eie opinies ten opsigte van opleiding en ontwikkeling te vorm.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: IOPS874</td><td>JAARMODULE</td><td>NKR-VLAK: 9</td></tr>
<tr><td colspan="3">TITEL: PROFESSIONELE BEDRYFSIELKUNDE</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste:<br>Na voltooiing van hierdie module moet leerders insig in nuwe ontwikkelings in die veld van Bedryfsielkunde en Mensehulpbronbestuur hê. Sommige onderwerpe, wat reeds vir baie jare bekend is, word ingesluit indien dit steeds ’n groot invloed het op organisasies en die bestuur van organisasies.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: IOPS875</td><td>JAARMODULE</td><td>NKR-VLAK: 9</td></tr>
<tr><td colspan="3">TITEL: WELSTAND</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste:<br>Die doel van hierdie module is om studente by te staan in die formulering van hul eie verstandelike paradigmas wat hul sal lei in hul rolle as besigheidsvennote. Die essensie is om die student te verskaf met ’n veilige omgewing om sy/haar verstand te dryf en om vertroue in hul eie gedagtes te ontwikkel.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: IOPS876</td><td>JAARMODULE</td><td>NKR-VLAK: 9</td></tr>
<tr><td colspan="3">TITEL: TOEGEPASTE BERADING</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste:<br>• Om die student te sensitiseer tot konstruktiewe interpersoonlike funksionering;<br>• Om die student te bemagtig met die kennis en vaardighede wat hulle benodig om ’n helpende proses te bestuur;<br>• Om die student vertroud te maak met die dimensies van sensitiewe verhoudinge;<br>• Om die leerder te oriënteer ten opsigte van die verskillende modelle en prosesse van berading;<br>• Om dit vir die leerder moontlik te maak om die basiese vaardighede van berading en traumabestuur toe te pas.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes:Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: IOPS971</td><td>JAARMODULE</td><td>NKR-VLAK: 9</td></tr>
<tr><td colspan="3">TITEL: PROEFSKRIF</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste:<br>• Identifiseer die effekte van werk en die organisasie op die stand van welstand in individue;</td></tr>
</table>

- Identifiseer die uitkomste van werkverwante welstand vir die individu, groep en organisasie;
- Identifiseer die effekte van nie-werk op die stand van welstand in individue sowel as die effek op die organisasie;
- Pas verskeie paradigmas (insluitend positiewe sielkunde) toe op ons navorsing en praktyk;
- Pas multikulturele perspektiewe en metodes toe in ons navorsing en praktyk; en
- Ontwikkel en evalueer die effektiwiteit en doeltreffendheid van intervensies en pas die resultate toe om werkverwante welstand in Suid-Afrikaanse organisasies te promoveer.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word

| **MODULEKODE: ITRI 611 (12)** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK:** |
|---|---|---|

**TITEL: DATAPAKHUISE (3 ure)**

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module behoort die student insig in en basiese kennis te hê van datapakhuise. Studente behoort voldoende kennis te hê om met praktisyns in gesprek te tree. Daarbenewens behoort studente 'n klein datapakhuis volgens 'n voorgeskrewe metodologie tot by die data-aanbiedingsfase te kan ontwerp. Op teoretiese vlak behoort die student insig in en basiese kennis te hê van die volgende begrippe van datapakhuise: algemene datapakhuis-begrippe; die lewensiklus van die datapakhuis; alternatiewe datapakhuis-metodologieë; dimensionele modellering; versameling van vereistes; en ekstraheer- laai- en transformeer- (ETL) funksies. Vanuit 'n praktiese perspektief beskou, behoort studente die vermoë te demonstreer om: gebruikersbenodigdhede te begryp; geskikte programmatuurprodukte op te stel; 'n dimensionele model te ontwikkel; ETL uit te voer; en 'n datapakhuis-blaaier te skep. Geskikte dokumentasie behoort vir die praktiese werk ontwikkel te word.

Metode van aflewering:

Assesseringsmetodes:

| **MODULEKODE: ITRI 613 (12)** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK:** |
|---|---|---|

**TITEL: DATABASISSE I (3 ure)**

**Module-uitkomste:**

Hierdie module het twee leerafdelings. Leerafdeling 1: Die doel van hierdie afdeling is om die student die nodige agtergrondkennis oor die teorie en toepassing van databasisse te gee. Verder word die basis vasgelê ten opsigte van kennis en vaardighede om die tipiese argitektuur van ’n databasisbestuurstelsel (DBBS) te ken en die basiese berekenings te kan doen om die koste-implikasies van bepaalde benaderings ten opsigte van grootskaalse databasisse te bepaal. Leerafdeling 2: Die doel van hierdie afdeling is om die student die nodige kennis en vaardighede te gee om ’n Oracle-databasis te skep, te implementeer, te onderhou en moontlike probleme te hanteer

Metode van aflewering:

Assesseringsmetodes:

| **MODULEKODE: ITRI 614 (12)** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK:** |
|---|---|---|

**TITEL: INLIGTINGSTELSEL INGENIEURSWESE I (3 ure)**

**Module-uitkomste:**

Die doel van hierdie module is om aan die leerder ’n goeie kennis en praktiese ervaring van basiese projekbestuursvaardighede in die IT omgewing te verskaf. Die doel van hierdie kursus is om die studente voor te berei vir ’n loopbaan in projekbestuur.

Metode van aflewering:

Assesseringsmetodes:

| **MODULEKODE: ITRI 615 (12)** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK:** |
|---|---|---|

**TITEL: REKENAARSEKURITEIT (3 ure)**

**Module-uitkomste:**

Aan die einde van hierdie module het die leerder basiese kennis en insig verwerf oor: wat rekenaar- en inligtingsekuriteit is en beteken, watter swakpunte daar in ’n gerekenariseerde omgewing bestaan en hoe dit gekontroleer kan word. Basiese enkripsie en dekripsie asook die belangrikste veilige enkripsiestelsels wat algemeen gebruik word, bedryfstelkontroles en betroubare bedryfstelsels sal bestudeer word. Die leerder sal na voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingvelde kan toepas. In die besonder sal die student sekuriteitsprobleme rakende rekenaarstelsels en inligting in ondernemings kan identifiseer en maatreëls daarvoor kan voorstel.

| **MODULEKODE: ITRI 618 (12)** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK:** |
|---|---|---|

**TITEL: BESLUITSTEUNSTELSELS (3 ure)**

**Module-uitkomste:**

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u: Die teorie en praktyk van verskeie modelleringsprobleme, van veral wiskundige modelle, te bemeester het; Die vaktaal te bemeester het sodat

gemaklik met kollegas gekommunikeer kan word; Probleemoplossend te werk te kan gaan; ’n Liefde vir die studieveld te openbaar en begrip te toon vir die verband tussen werklikheid, abstraksie, model en oplossing.

Metode van aflewering:

Assesseringsmetodes:

| MODULEKODE: ITRI 621 (12) | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: |
|---|---|---|

**TITEL: DATAPAKHUISE II (3 ure)**

**Module-uitkomste:** Teen die einde van die module behoort die student oor die nodige insig omtrent en basiese kennis van datapakhuise te beskik.

- Studente behoort voldoende teoretiese kennis te hê om met praktisyns in gesprek te tree.
- Daarbenewens behoort studente ’n klein datapakhuis volgens ’n voorgeskrewe metodologie te ontwikkel. Op teoretiese vlak behoort die student insig in en basiese kennis te hê van die volgende begrippe van datapakhuise: tegniese datapakhuisargitektuur, meer gevorderde dimensionele modellering, bedryfsintelligensie (BI) toepassings en die instandhouding van BI-stelsels.
- Vanuit ’n praktiese perspektief behoort studente die vermoë demonstreer om ’n OLAP-kubus op te stel, MDX te kan gebruik en eindgebruikertoepassings op te stel. Studente behoort ook Excel se spiltabelfunksie aan hul OLAP-kubus te kan verbind.
- Geskikte dokumentasie behoort vir die praktiese werk ontwikkel te word.

Metode van aflewering:

Assesseringsmetodes:

| MODULEKODE: ITRI 623 (12) | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: |
|---|---|---|

**TITEL: DATABASISSE II**

**Module-uitkomste:** Hierdie module het twee leerafdelings. Leerafdeling 1**:**

- Die doel van hierdie afdeling is om, gebaseer op die werk van ITRI613, aan die student die nodige agtergrondkennis oor die teorie en toepassing van databasisbestuurstelsels te gee.
- Die klem word hoofsaaklik gelê op die aspekte van navraagoptimering van verskillende fasette deur die DBBS.
- Daar word van die student verwag om die basiese berekenings te kan doen om die koste-implikasies van bepaalde benaderings deur ’n DBBS ten opsigte van grootskaalse databasisse te bepaal. Meer teoretiese werk word ook gedoen ten opsigte van normalisering en funksionele afhanklikhede. Ter samevatting van die studies in en oor databasisse word ’n projek hanteer wat strek vanaf die implementering van Databasisbestuurstelsels tot die deurwerk van prosedures om die navraaghantering ten opsigte van ’n databasistoepassing te optimeer. Leerafdeling 2:
- Die doel van hierdie afdeling is om die student die nodige kennis en vaardighede te gee om 'n Oracle databasis te skep, te implementeer, te onderhou en moontlike probleme te hanteer.

Metode van aflewering:

Assesseringsmetodes:

| MODULEKODE: ITRI 624 (12) | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: |
|---|---|---|

**TITEL: INLIGTINGSTELSEL INGENIEURSWESE II (3 ure)**

**Module-uitkomste:** Aan die einde van die studie sal die studente goeie kennis dra van verskillende stelselontwikkelingsmetodologieë.

- Dit sluit in stelselontwikkelingsmetodes, onderliggende benaderings waarop stelselontwikkelings-metodes gebaseer is, ontwikkelingsprosesmodelle wat gevolg word in stelselontwikkelingsmetodes, ontwikkelingstegnieke en hulpmiddels wat gebruik word in stelselontwikkelingsmetodes.

Metode van aflewering:

| MODULEKODE: ITRI 628 (12) | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: |
|---|---|---|

**TITEL: BESLUITSTEUNSTELSELS (3 ure)**

**Module-uitkomste:** Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort jy:

- Die teorie en praktyk van verskeie modelleringsprobleme, veral wiskundige modelle, te bemeester het; die vaktaal te bemeester het sodat jy gemaklik met kollegas kan kommunikeer; probleem-oplossend te werk te kan gaan;
- ’n liefde vir die studieveld te openbaar en begrip te toon vir die verband tussen werklikheid, abstraksie, model en oplossing.

Metode van aflewering:

| MODULEKODE: ITRI 671 (32) | JAARMODULE | NKR-VLAK: |
|---|---|---|

**TITEL: PROJEKMODULE**

**Module-uitkomste:** Hierdie module het die volgende uitkomste:

- Skryf ’n kritiese resensie van ’n joernaalartikel; Skryf ’n navorsingsvoorstel;
- Doen navorsing onder leiding van ’n personeellid; Skryf ’n joernaalartikel. Lewer ’n voorlegging van die navorsing wat gedoen is en die resultate wat behaal is.

Metode van aflewering:

| MODULEKODE: ITWV671(32) | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | |
|---|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSMETODIEK EN PROJEK** | | | |

- Die student moet kan demonstreer hoe 'n navorsingsprojek aangepak word, insluitend die verkryging van 'n onderwerp en die skryf van 'n navorsingsprojekvoorstel; hoe die navorsing ontwerp en data ingesamel word: eksperimentele ontwerp en die rol van veranderlikes; instrumente om data te versamel;
- die geldigheid en betroubaarheid van instrumente; modellering en simulasie; watter rol statistiek en statistiese verwerking in navorsing speel; hoe om data te organiseer, op te som en voor te stel; regressie en hoe om kurwes op data te pas; normaalverspreidings en statistiese skattings;
- verskeie statistiese toetse om te bepaal of data sekere patrone vorm; hoe om 'n navorsingsprojek wetenskaplik op te skryf, insluitend styl, taal en taalversorging, verwysings, ensovoorts; 'n volledige rekenaargebaseerde projek van aansienlike omvang kan ontwerp, ontwikkel, implementeer en demonstreer.

| MODULEKODE: ITWV672 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BESLUITSTEUNSTELSELS** | | | |

- Die student moet kan demonstreer dat besluitsteunstelsels rekenaargebaseerde stelsels is wat keuses ondersteun deur die besluitnemer in staat te stel om inligting te organiseer en uitkomste te modelleer; inligting uit verskeie bronne integreer; help om inligting te organiseer en te analiseer;
- die ontwikkeling en evaluering van modelle vir die keuseproses fasiliteer; 'n goeie gebruikerskoppelvlak gebruik vir maklike interaksie en navigasie deur die gebruiker; besluitsteunstelsels vanuit 'n stelseldenke-raamwerk kan ontwikkel; konseptuele modelle vir besluitsteunstelsels kan definieer; besluitsteunstelselpakette kan gebruik;
- gebruikersvriendelike koppelvlakke kan ontwikkel vir gemaklike interaksie en navigasie van besluitsteunstelsels.

| MODULEKODE: ITWV673 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: DATA-ONTGINNING** | | | |

- Die student moet kan demonstreer dat persone wat data-ontginning beoefen net soveel klem plaas op begrip as op modelresultate, en op prosesse as op tegnologie, asook in staat wees om die data-ontginning in konteks te plaas (besigheidskonteks, tegniese konteks,
- en sosiale konteks); verskillende benaderings en metodologieë van data-ontginning kan identifiseer; die drie pilare (tegnieke en algoritmes, data en bou van effektiewe voorspellingsmodelle) waarop data-ontginning steun, kan identifiseer en toepas;
- 'n data-ontginningsomgewing kan opstel, verskillende teorieë kan toepas asook beskikbare tegnologie te bemeester.

| MODULEKODE: ITWV674 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MENS/REKENAAR-INTERAKSIE** | | | |

- Die student moet kan verstaan en kan demonstreer dat mens/-rekenaar-interaksie 'n multidissiplinêre vak is waar menslike gedrag sowel as beginsels van rekenaarstelselontwerp en rekenaarkoppelvlakontwerp bestudeer word, verder moet die student nuwe koppelvlakke kan ontwerp en ontwikkel, verskillende komponente kan saamvoeg in die daarstelling van 'n koppelvlak en gebruikers se interaksie met die koppelvlak kan ontleed; bestaande koppelvlakke kan evalueer, vergelyk en verbeter; kan differensieer tussen verskillende soorte toepassings en die beperkings en/of behoeftes wat dit inhou vir die ontwerp van die koppelvlak.

| MODULEKODE: LARM611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: BEDRYFSOSIOLOGIESE TEORIEË** | | |

**Module-uitkomste:**

- Evalueer verskeie sosiologiese denkwyses en teorieë en pas hulle op sosiologiese probleme toe.
- Pas sosiologiese teorieë toe op huidige en geïdentifiseerde probleme toe en stel moontlike oplossings tot welke probleme voor.
- Ken en verstaan sosiale verandering in die samelewing en die effek hiervan op organisasies.
- Pas kennis en vaardighede rakende sosiale verandering toe om sodoende problematiese arbeidsituasies te identifiseer, te verduidelik en op te los.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: LARM623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: TOEGEPASTE ARBEIDSVERHOUDINGE** | | |

**Module-uitkomste:**Om die eksterne regulasies wat 'n impak het op arbeidsverhoudinge te verstaan.

- Integreer en bestuur arbeidsverhouding-prosedures op verskeie vlakke in die werkplek.
- Die toepassing van eksterne regulasie-vereistes om die arbeidsverhoudingklimaat in die organisasie

te verbeter.
- Die bestuur van verwante werkplek-aspekte tot voordeel van beide bestuur en werknemers.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: LARM624** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|

**TITEL: KOLLEKTIEWE BEDINGING EN ONDERHANDELING**

**Module-uitkomste:**
- Om die eksterne regulasies wat 'n impak het op arbeidsverhoudinge het, te verstaan.
- Integreer en bestuur arbeidsverhoudinge-prosedures op verskillende vlakke in die werkplek.
- Die toepassing van eksterne regulasie-vereistes om die arbeidsverhoudinge-klimaat in die organisasie te verbeter.
- Die bestuur van verwante werkplek-aspekte tot voordeel van beide bestuur en werknemers.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: LARM614** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|

**TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE**

**Module-uitkomste:**
- Ken en verstaan verskeie metodes en strategieë rakende data-insameling wat dit vir die student moontlik gaan maak om toepaslike en relevante gevolgtrekkings in 'n navorsingsprojek te maak.
- Ken en verstaan die vereistes vir statistiese meting en analise.
- Pas kennis en vaardighede toe in die skryf van 'n navorsingsvoorstel as deel van 'n navorsingsprojek.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: LARM615** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|

**TITEL: GEVORDERDE ARBEIDSVERHOUDINGE**

**Module-uitkomste:**
- Ken en verstaan die verskeie komponente verwant aan arbeidsverhoudinge en kweek relevante vaardighede in die effektiewe bestuur van arbeidsverhoudinge.
- Ken en verstaan hoe om as 'n arbeidsverhoudinge-spesialis te praktiseer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: LARM616** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|

**TITEL: ARBEIDSMARKBEGINSELS**

**Module-uitkomste:**
- Besit 'n komprehensiewe begrip van die verskeie beginsels, teorieë en funksies van die arbeidsmark.
- Om dit so toe te pas deur middel van die analise en evaluering van wêreldwye arbeidsmarkaangeleenthede soos arbeidsvraag en -aanbod, lone, produktiwiteit, globalisering en mensekapitaalbelegging, arbeidsmarkbedelings en diskriminasie, arbeidsmarkorganisasies.
- Om oplossings tot probleme te verdedig gebaseer op huidige, feitelike bewyse.
- Gerat met 'n reeks navorsingsmetodes en tegnieke, wees in staat om relevante literatuur rakende komplekse en gemeenskaplike probleme te ondersoek, te interpreteer en te integreer, en om dit in skriftelike en verbale formaat voor te lê.
- Om die inhoud van hierdie module binne 'n etiese-denke model toe te pas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: LARM621** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|

**TITEL: GROEPDINAMIKA**

**Module-uitkomste:**
- Ken en verstaan die studie-area Groepdinamiek, die belangrikheid, struktuur en funksie van klein groepe as substelsels in interaksie.
- Ken die mees prominente eksponente en hul relevante perspektiewe soos herhaal in die veld van Groepdinamiek.
- Gerat met die nodige vermoëns, ondersoek verduidelikende moontlikhede tot empiriese probleme binne die organisasie en pas dit toe.
- Om kennis en begrip te toon ten opsigte van konsepte soos groepkommunikasie, groep-kohesie,

taakgroepe, die belangrikheid en implikasies van klein groepe vir die individu en die ontwikkeling van groepdinamiek.
- Om die verkore kennis van groep dinamiek toe te pas deur verduidelikende moontlikhede ten opsigte van die individu en groepe te ondersoek

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: LARM622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|

**TITEL: NAVORSINGSVERSLAG**

**Module-uitkomste:**
- Evalueer en integreer bedryfsosiologiese literatuur met navorsingsgeleenthede om probleemoplossingsmetodes te identifiseer.
- Die toepassing van kennis en vaardighede om wetenskaplike navorsing te onderneem om betroubare en relevante gevolge te bepaal om sodoende die verlangde aanbevelings te maak.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: RECP671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: GEVORDERDE FINANSIËLE REKENINGKUNDE**

Na voltooiing van die module behoort die student:
- op grond van omvattende en sistematiese kennis van die vakgebied, die bevoegdheid te demonstreer om gevorderde finansiële state op te stel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Maatskappywet van Suid-Afrika, met inbegrip van gekonsolideerde finansiële state;
- standaarde individueel sowel as geïntegreerd tegnies-rekeningkundig te kan ontleed, evalueer en selektief hanteer volgens die aanvraag van die probleem (bv. joernaalinskrywing, grootboek of finansiële state) en teoreties te kan motiveer en bespreek; en
- akademiese, professionele en beroepsgerigte inligting effektief mondeling en skriftelik te kan kommunikeer, met bewyslewering van kreatiewe interpretasie en oplossings vir probleme en vraagstukke toepaslik vir die konteks.

| MODULEKODE: RECP672 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: GEVORDERDE OUDITKUNDE**

By voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis weer te gee en toe te pas in gevallestudies ten opsigte van die volgende:
- beginsels van Korporatiewe bestuur;
- wetgewende en Regulerende korporatiewe bestuur;
- die Kode van Korporatiewe Praktyke en King II-verslag;
- besigheidsetiek en SAICA se professionele gedragskode;
- risikobestuur en interne beheer;
- die wetlike en regulerende omgewing waarbinne ouditeure opereer asook hul verantwoordelikhede, funksies en eienskappe;
- die ouditproses;
- vaardighede in die toepassing van IT in besigheid;
- vaardighede in die bestuur van IT; en
- vaardighede in die evaluering van IT.

| MODULEKODE: RECP673 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: GEVORDERDE INKOMSTEBELASTING**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:
- die Inkomstebelastingwet, regspraak, sowel as praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer;
- sy/haar vermoë om die normale inkomstebelasting betaalbaar deur die individu te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag-ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid te kan demonstreer;
- gevorderde belastingvrae oor belastingadvies en beplanning oor die hele spektrum van belastingpligtiges en artikels en belastings te kan doen;
- sy/haar vermoë om werknemersbelasting wat van besoldiging afgetrek word sowel as voorlopige belasting betaalbaar op inkomste anders as besoldiging te bereken kan demonstreer;
- te motiveer deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake waarom items belasbaar / aftrekbaar is;
- aan al die wetgewing en vereistes van die aangehegte sillabus van SAICA te kan voldoen; en

- besluite te neem en die teorie van die vakgebied toe te pas op 'n eties-verantwoordbare wyse.

| MODULEKODE: RECP674 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: GEVORDERDE BESTUURSREKENINGKUNDE EN FINANSIËLE BESTUUR | | | |

**Bestuursrekeningkunde**

Na voltooiing van die module sal die student:

**Algemeen**

- in staat wees om beplanning, kontrole en besluitneming te kan toepas om sodoende verantwoordelik as rentmeester op te tree.
- in staat wees om winsbeplanning en begrotingsbeheer toe te pas in die beplanningsproses sodat beskikbare bronne maksimaal benut kan word, ook om in behoeftes van verbruikers te voorsien.
- kontrole uit te oefen om toe te sien of die doelwitte wat met beplanning daargestel is, bereik is.
- iIngeligte besluit te kan neem deur die bewustelike uitoefening van 'n keuse tussen twee of meer alternatiewe.
- in staat wees om die nodige inligting in ag te neem en te voorsien by die neem van 'n besluit.
- in staat wees om deur metodes, stelsels en tegnieke bruikbare inligting te verkry sodat die doelstellings van besluitneming, beplanning en kontrole bereik kan word.

**Spesifiek**

- begrotings op te stel deur gebruik te maak van beide tradisionele en hedendaagse tegnieke.
- die beginsels van standaardkoste te verduidelik en toe te pas, die berekening van afwykings in verskillende omstandighede en kritiese evaluering van standaardkoste in die lig van hedendaagse kritiek.
- koste in vaste en veranderlike komponente te verdeel en gelykbreekontleding te gebruik om besluite te neem waar daar 'n aantal beperkings is.
- relevante kontantvloei vir besluitneming te bepaal en hierdie beginsels in 'n verskeidenheid situasies toe te pas, insluitende proses/produk lewensvatbaarheid, prysbesluite insluitende die evaluasie van faktore soos korttermyn, bydrae-gebaseerde pryse en langtermyn, opbrengs op beleggingpryse, en leerkurwes.
- sensitiwiteitsontleding te doen om die invloed van risiko op besluitnemingsmodelle te bepaal deur gebruik te maak van winsgewendheidsontleding, verwagte waardetabelle en beslissingsbome, waar toepaslik.
- leerkurwes toe te pas in die vooruitskatting van toekomstige koste, asook die toepassing van die tegnieke van aktiwiteitsgebaseerde bestuur en doelwitkoste.
- geskikte finansiële state voor te berei vir koste-, wins- en investeringsentrumbestuurders, die berekening van toepaslike finansiële prestasie-aanwysers, waardering van die invloed van alternatiewe oordragsprysbeleide en bespreek die gedragsgevolge van bestuursbeheerstelsels, gebaseer op verantwoordelikheidsrekeningkunde desentralisasie en delegering.

**Finansiële Bestuur**

Na voltooiing van die module sal die student:

**Algemeen**

- voldoende kennis en begrip demonstreer ten einde beleggings-, finansierings- en dividend-besluite te kan verstaan in die konteks van die onderneming asook die omgewing.
- die vaardigheid ontwikkel het om aanbevelings te maak om 'n onderneming verantwoordelik te bestuur deur die effektiewe gebruik van finansiële hulpbronne binne die strategiese doelwitte van die onderneming.

**Spesifiek**

- vaardighede demonstreer om toepaslike maatstawwe vir prestasie, risiko en onsekerheid te identifiseer en interpreteer.
- vaardigheid demonstreer om advies te gee rondom komplekse investerings-, finansierings- en dividend-besluite.
- vaardigheid demonstreer om die beginsels van finansiering toe te pas op die waardasie van 'n besigheid en die waardasie van finansiële bates deur die toepaslike waardasietegnieke te gebruik.
- bestuur kan adviseer rakende bedryfskapitaal bestuur, buitelandse valuta en beleggings.
- advies kan gee betreffende veranderinge in eienaarskaptransaksies.
- vaardigheid demonstreer om toepaslike finansieringsinstrumente vir effektiewe minimalisering van risiko te evalueer en aan te beveel.

| MODULEKODE: REIP671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| TITEL: GEVORDERDE BELASTING EN TRUSTS | | | |

**MODULE-UITKOMSTE:**

Na voltooiing van die module behoort die student die vermoë te demonstreer om:

Inkomstebelastingwet, regspraak sowel as praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer

- Normale inkomstebelasting betaalbaar deur die individu te bereken op belasbare inkomste uit besoldiging, byvoordele, enkelbedrae ontvangstes en vanuit die beoefening van 'n bedryf of besigheid
- Normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te bereken
- Gevorderde gevallestudies met betrekking tot boedelbelasting, skenkingsbelasting, kapitaalwinsbelasting en belasting op toegevoegde waarde op te los
- Capita Selecta

| MODULEKODE: REKP 671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | FINANSIËLE REKENINGKUNDE: GEVORDERDE INTERNASIONALE FINANSIËLE VERSLAGDOENING STANDAARDE (IFRS) EN GROEPSTATE | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:
- sy/haar vermoë demonstreer om transaksies en verwante inligting ooreenkomstig relevante Internasionale Verslagdoeningstandaarde te identifiseer en te ontleed.
- sy/haar vermoë demonstreer om beginsels in verband met Internasionale Verslagdoeningstandaarde toe te pas.
- sy/haar vermoë demonstreer om finansiële state op te stel ooreenkomstig Internasionale Verslagdoeningstandaarde.
- Capita Selecta (Insluitende Afgekondigde Standaarde en Interpretasies)

| MODULEKODE: REKP 674 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | OUDIT EN KORPORATIEWE BEHEER | | |

**MODULE-UITKOMSTE:**
Na voltooiing van die module behoort die student:
- Kennis en begrip van korporatiewe beheer in Suid-Afrika te demonstreer
- Die etiese aspekte van die professionele rekenmeester te verstaan
- Die toepaslike ouditstandaarde (bv. ISAs), wette en regulasies van toepassing by ouditaanstellings te identifiseer
- Kennis en begrip van die sleutelelemente van toepassing by die uitvoering van 'n oudit te demonstreer

| MODULEKODE: REKP675 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| TITEL: FINANSIëLE BETUUR EN STRATEGIE | | | |

**MODULE-UITKOMSTE:**
Na voltooiing van die module behoort die student:
- Geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke in verband met besluitneming en kontrole aspekte in die konteks van bestuursrekeningkunde te demonstreer
- Die vermoë te demonstreer om onderliggende teorieë, metodes en tegnieke in verband met komplekse belegging, finansierring en dividendbesluite in die konteks van finansiële bestuur toe te pas; asook om opinies, argumente en aanbevelings in die verband te maak
- Die vermoë te demonstreer om die sleutelelemente van toepassing op die finansiële strategie van 'n maatskappy te bestuur en te evalueer
- Kennis en begrip te demonstreer van 'n entiteit se missie, visie en strategie

| MODULEKODE: REKP 676 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | TOEGEPASTE NAVORSING IN FINANSIëLE REKENMEESTERSKAP | | |

**MODULE-UITKOMSTE:**
Na voltooiing van die module behoort die student:
- Kritiese begrip en toepassing van relevante navorsingsmetodologieë in verband met rekenmeesterskap te demonstreer
- Die vermoë te demonstreer om 'n wye reeks bronne en inligting raad te pleeg
- Die vermoë te demonstreer om navorsingsopinies in rekeningkunde voor te berei en aan te bied
- Gevallestudies in verband met praktiese scenario's in rekeningkunde op te los en om resultate en aanbevelings mondelings sowel as skriftelik te rapporteer

| MODULEKODE: RSPR 671 | SEMESTER 1 & 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | OPENBARE MENSLIKE-HULPBRONBESTUUR | | |

**Module-uitkomste**: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om
- 'n navorsingsprobleem in 'n spesifieke spesialiseringsveld te identifiseer;
- 'n voorstel te beplan vir 'n projek waarmee die geïdentifiseerde probleem ondersoek kan word;
- die voorgestelde projek uit te voer onder begeleiding; en
- 'n wetenskaplike verslag oor die projek te skryf.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Projekverslag 100 %

**FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGS TEGNOLOGIE - Kurrikulums**


| **HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII** | **Page** |
|---|---|
| Kurrikulum: Ekonomie (504 126 – E644V) | 89 |
| Kurrikulum: Risikobestuur (504 128 – E646V) | 90 |
| Kurrikulum: Entrepreneurskap en Bemarking (504 130 – E654V) | 92 |
| Kurrikulum: Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (504 123 – E630V) | 93 |
| Kurrikulum: Finansiële Rekenmeesterskap (504 124 – E631V) | 94 |
| Kurrikulum: Bedryfsielkunde (504 112 – E660V) | 95 |
| Kurrikulum: Mensehulpbronbestuurwetenskap (504 121 – E66 | 96 |
| Kurrikulum: Arbeidsverhoudingebestuur (504 122 – E664V) | 97 |
| **HONNEURS BACCALAUREUS SCIENTIAE** | |
| Kurrikulum: Inligtingstegnologie (202 125 – N637V) | 99 |
| Kurrikulum: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels (202 134 – N653V | 100 |
| **MAGISTER COMMERCII** | |
| Kurrikulum: Ekonomie (505 120 – E803V) | 101 |
| Kurrikulum: Internasionale Handel (505 121 – E804V) | 102 |
| Kurrikulum: Risikobestuur (505 122 – E805V) | 102 |
| Kurrikulum: Entrepreneurskap (505 124 – E814V) | 102 |
| Kurrikulum: Bemarkingsbestuur (505 125 – E815V) | 102 |
| Kurrikulum: Ondernemingsbestuur (505 134 – E816V) | 102 |
| Kurrikulum: Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (505 137 – E837V) | 103 |
| Kurrikulum: Rekeningkunde (505 130 – E842V) | 103 |
| Kurrikulum: SA en Internasionale Belasting | 104 |
| Kurrikulum: Mensehulpbronbestuurwetenskap (505 128 – E852V) Kurrikulum: | 105 |
| Bedryfsielkunde (505 126 – E850V) | 106 |
| Kurrikulum: Arbeidsverhoudingebestuur (505 145 – E826V) | 106 |
| **MAGISTER SCIENCTIAE** | |
| Kurrikulum: Rekenaarwetenskap (203 180 – N802V) | 108 |
| Kurrikulum: Operasionele Navorsing (203 180 – N801V) | 108 |
| **PHILOSOPHIAE DOCTOR** | |
| Kurrikulum: Arbeidsverhoudingebestuur (506 136 – E923V) | 109 |
| Kurrikulum: Bedryfsielkunde (506 127 – E920V) | 109 |
| Kurrikulum: Bedryfs en Bestuursrekeningkunde (506 134 –E931V) | 109 |
| Kurrikulum: Belasting (506 132 – E934V) | 110 |
| Kurrikulum: Rekenmeesterskap (506 130 – E936V) | 110 |
| Kurrikulum: Internasionale Handel (506 121 – E901V) | 110 |
| Kurrikulum: Risikobestuur (506 122 – E902V) | 110 |
| Kurrikulum: Ekonomie (506 120 – E903V) | 110 |
| Kurrikulum: Bemarkingsbestuur (506 125 – E914V) | 110 |
| Kurrikulum: Entrepreneurskap (506 124 – E915V) | 110 |
| Kurrikulum: Ondernemingsbestuur (506 108 – E916V) | 110 |
| Kurrikulum: Inligtingstegnologie (204 130 – N937V) | 111 |
| Kurrikulum: Operasionele Navorsing (204 131 – N901V) | 112 |